CARNEGIE BIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
-5-9-1979

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII NR 14 PRYS 10c — DONDERDAG, 23 AUGUSTUS, 1979

## STUDENTE WIL HELP MET EIE SEKSOPVOEDING


PROF. ROUX DE VILLIERS

PROF. Roux de Villiers, vise-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, doen 'n beroep op senior en junior studente om by te dra tot 'n ondersoek na die behoefte aan en die wyse van die aanbieding van seksopvoeding op die kampus.

Na aanleiding van die berig *Saamslaap: Maties skielik "onkuis"*, wat in *Die Matie* van 10 Augustus verskyn het, is daar 'n versoek vanuit studentegeledere aan prof. De Vries gerig. In hierdie berig val die klem op sekere probleemvelde soos privaatheid en seksopvoeding. Studente is behoeftig aan kennis in verband met die biologiese, sielkundige en sosiale aspekte van saamslaap.

'n Projek is geloods om ondersoek in te stel na dié verskynsel. **Die doelstelling van die ondersoek is om so gou moontlik 'n praktiese bydrae te lewer op terreine waar daar behoeftes bestaan na kennis oor die gevare van en die faktore wat bydra tot saamslaap.** Verteenwoordigers van die studentegemeenskap, Studentegesondheidsdienste, Studentevoorligting en dosente van verskeie departemente is met die ondersoek gemoeid. Verdere instansies wat oor die nodige kennis beskik, mag ook betrek word namate die ondersoek vorder.

**Prof. de Villiers is van mening dat studente nie misken kan word in die hele aangeleentheid nie.** Die studente is die beste daartoe in staat om behoeftes te omlyn en oplossings aan die hand te doen in verband met die wyse van seksopvoeding. **Studente moet bereid wees om hul dienste aan te bied waar dit nodig sou wees vir die inwerkingstelling van 'n moontlike skema in die toekoms.**

Die ondersoek staan nog in sy loopring. Namate daar met vaster tred koers gevat word, sal die studentegemeenskap se volgehoue samewerking op prys gestel word. Die studente se rol is nie duidelik uiteengesit nie, maar dit geniet voorrang, omdat dit die ruggraat van die ondersoek sal uitmaak.

# BELL LEI NUWE SR

"STELLENBOSCH moet betrokke raak by die debat oor studentebelange en politieke aangeleenthede wat in die SR aan die gang is", het mnr. Hilgard Bell, nuwe SR-voorsitter, pas na sy verkiesing gesê.

Kommunikasie tussen studente en die SR is in die verlede as 'n struikelblok beskou. Dit is 'n denkfout om die SR en die studente as aparte entiteite te beskou. **Die SR bestaan uit studente en in belang van studente.**

Die SR is gebind aan sekere liggame waarbinne hy beweeg. Dit is studente se plig om hierdie liggame soos bv. die Studenteparlement, te gebruik om die debat te stimuleer en die SR op sy tone te hou.

### DIE MATIE EN RADIO MATIE

Mnr. Bell het klem gelê op die rol wat *Die Matie* en *Radio Matie* te speel het in die proses van deur- en terugvoer tussen die SR en sy ondersteuners. Pogings het in die verlede misluk om 'n kissieklim-retorika en gereelde vergaderings waar die SR sy bedrywighede motiveer, aan die gang te hou.

***Die Matie* kan deur opbouende kritiek 'n bydrae lewer om die SR op sy tone te hou.** Beriggewing oor SR-aangeleenthede moet nie net beperk bly tot *Uit die Studenteraad* en 'n voorbladberig nie. *Radio Matie* moet so gou moontlik onder SR-vleuels verwyder word sodat hulle ook in staat sal wees om onafhanklike positiewe kritiek te lewer.

### PORTEFEULJES

Portefeuljes wat bedoel is om die studentegemeenskap te bedien, moet ook aangepas word om die groter gemeenskap in ag te neem. *Openbare Betrekkinge* se benadering ten opsigte van die nuusmedia sal meer ingestel wees om die Stellenbosse mening te laat geld.

Mnr. Bell voel dat die vertroue wat in hom en sy mede SR-lede gestel is, 'n platform bied waarvandaan hulle hul werksaamhede kan loods. **Hulle het 'n verantwoordelikheid teenoor hul ondersteuners om nie van hierdie platform misbruik te maak nie.**

Die Uitvoerende Komitee is Vrydagmiddag, 17 Augustus, verkies:
**Voorsitter: Hilgard Bell**
**Onder-voorsitter: Frans Roelofse**
**Sekretaris: Nick Koornhof**
**Tesourier: Deon de Kock**
**Addisionele lid: Renier Koegelenberg.**


*Voor vlnr: Deon de Kock, Hilgard Bell, Frans Roelofse en Nick Koornhof. Middel vlnr: Freddie Human, Renier Koegelenberg, Piet Naudé, Julian Melck en Kobus Visagie. Agter vlnr: Andries Calitz, mej. Magdaleen Kruger, Frans Rautenbach en Hennie Roos.*

# Brekers by Sirkus

DIE Sirkus van Dinsdagaand 14 Augustus het, getrou aan tradisie, kandidate gemaak en gebreek. Wilde beskuldigings, kwinkslae en verreikende beloftes was volop.

Daar was 'n beroering en gejou toe Frans Roelofse opstaan, maar die stembus het gewys dat dié (georganiseerde?) groepe net 'n klein gedeelte van die studente verteenwoordig het.

Toe Frans Rautenbach se beurt kom, was dit duidelik wie vanjaar voorsitter van die Debatsvereniging was. Chris Heymans het gevra of hy dink dat studentepolitiek skoon is.

"Dit is naïef om te dink dat enige politiek suiwer en skoon is. As daar na die drukgroepe op kampus gekyk word, kan studentepolitiek in die konvensionele sin van die woord nie as skoon beskou word nie," het mnr. Rautenbach geantwoord.

Andries Calitz het NUSAS skerp veroordeel: "Daar is geen plek vir NUSAS op Stellenbosch nie. Ek verdoem NUSAS, Stellenbosch verdoem NUSAS."

Hilgard Bell is gevra om sy standpunt t.o.v. die ASB te stel. Hy het gesê dat, alhoewel die kongres 'n verligte beeld geskep het, Stellenbosch hom nooit in 'n eksklusiewe organisasie kan inlaat nie. "Die probleem lê daarin dat Stellenbosch nie gepolariseer moet word nie, veral wanneer ons politiek gesels."

Piet Naudé het voorgestel dat die Studenteraad voortaan uit die geledere van die Studenteparlement gekies word. Hy het ook voorgestel dat die oopstelling van koshuise vir anderskleuriges op vrywillige basis moet geskied.

Op 'n vraag of hy die Kleurling as Afrikaner beskou, het Wynand Nel geantwoord dat dit nie vir ons is om identiteite aan ander persone uit te deel nie. "Hulle moet self besluit wat hulle is. As hy homself as 'n Afrikaner sien, verwelkom ek hom as sodanig in ons midde."

Freddie Human is gevra hoe hy die vertroebelde verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelstalige universiteite sal herstel. Sy plan was om SR-lede na ander kampusse uit te stuur om samesprekings oor geskille te hou. "Dialoog is die enigste uitweg."

Julian Melck het verklaar dat hy hom as Engelssprekende graag sou wil beywer om Engelsman en Afrikaner op SR, universitêre en nasionale vlak nouer te laat saamwerk.

# Kleure vir Uitblinkers

STELLENBOSCH het onlangs erekleure aan agt studente toegeken. Slegs persone wat hulle op uitsonderlike wyse onderskei, word op dié manier vereer. 'n Kombinasie van prestasies op akademiese, leiers- en sportvlak word vir dié doel vereis. Die Studenteraad het die volgende met kleure van die Universiteit vereer: Trudie Botha, Jan de Wet, Piet Kleyn, Skip Krige, Sybis Mouton, Ross Naudé, Tollie Oosthuizen en Piet Stofberg.

Die SR het ook besluit om jaarliks 'n oud-Matie te vereer. Hierdie erekleure-toekenning het vanjaar mnr. John Vorster, voormalige Staatspresident, te beurt geval. Mnr. Vorster het ook as gasspreker by dié geleentheid opgetree.

Honderd-en-dertig sportmanne en -vroue het ook by die ere-kleure-dinee toekennings ontvang.


*Op die foto verskyn die persone wat ere-kleure van die Universiteit ontvang het, saam met die Rektor. Voor, v.l.n.r. sit Trudie Botha, Prof. Mike de Vries, mnr. John Vorster en Sybis Mouton. Agter staan Ross Naudé, Tollie Oosthuizen, Piet Stofberg, Jan de Wet, Skip Krige en Piet Kleyn.*

## Sendingweek Verander Drasties

"ONS beskouinge is oor eeue vasgelê, maar sommige daarvan sal drasties en spoedig moet verander as die Kerk in Suid-Afrika nie wil verdwyn soos in Noord-Afrika nie." Tot hierdie gevolgtrekking kom prof. Nico Smith, sendingwetenskaplike aan die Kweekskool, ná vier besprekings oor die tema: "Ons Samelewing skep 'n Sendingveld."

Dr. A.C. Goliath van UWK, ds. Jan Hofmeyer wat in Soweto werk, en dr. Danie du Toit van die Kweekskool het perspektiewe kom stel vanuit die bruin, swart en blanke NG Kerke gedurende die afgelope Sendingweek.

### DAKLOOS EN HONGER

Die hedendaagse bruin- en swartman het albei die behoefte dat sy hele wese deur die evangelie aangespreek word, en nie slegs deur mooi beloftes nie. 'n "Pie in the sky" beteken nie veel as hy dakloos en honger moet bly nie. 'n Probleem vir die evangeliewerker is dat min mense wat hulle alreeds oorheers voel, boonop bereid is om nog die heerskappy van God oor hul lewens ook te aanvaar.

### STEDELIKE SWARTES

Ds. Hofmeyer het die probleme beklemtoon wat verstedeliking vir die swart bevolking meebring. **Hulle voel onseker, want hul daaglikse lewe is 'n harde stryd. Daarby word steeds vir hulle gesê dat hulle net tydelik in die woongebiede is, al ken hulle geen ander tuiste nie. Dit word vir swart Christene baie moeilik as hulle die ondersteuning van die gemeenskap soek maar blankes hulle toegang tot hul kerkgeboue weier en hul vriendskap weerhou.**

Talle vrae ontstaan in die gemoed van jong bruin- en swartmense. Hulle word apart van die blankes groot en ken hulle die blankes net as 'n wit, wrede massa. "Kan die kerk dan nie ten minste praat nie?" is hulle vraag.

Modernisasie in die Westerse wêreld skep vir die blanke kerk eweneens probleme. Dr. Danie du Toit wys daarop dat die mens deur sy tegniese ontwikkeling al meer soos God word; sy kommunikasiemedia maak hom byna alomteenwoordig en sy tegniese vaardigheid amper almagtig. Daar is al minder ruimte vir God en daarom ook minder vir die medemens. Die mens word selfsugtig. Dit slaan selfs in ons kerkstrukture deur.

**Prof. Smith meen dat ons nie meer geslagte oor het om by die nuwe omstandighede aan te pas nie; dit sal binne die huidige geslag gedoen moet word.** Die vernaamste verandering is dat ons "in nederigheid die een die ander hoër ag as homself." Hiervoor is dit nodig dat ons kontak maak en bereid moet wees tot diens aan mekaar.

# ONS DRAMASTUDENTE — In Aksie

# WIE EN WAT IS HULLE?

DIE *Matie* loods vandeesweek 'n ondersoek na die Dramastudent. Wat behels sy onderrig? Is hy werklik soos ander studente hom sien?

## DEPARTEMENT DRAMA : 1969 — 1979

1979 beteken vir die Drama-departement van Stellenbosch die begin van 'n nuwe fase in sy bestaan. Meneer Herman Pretorius is in die begin van dié jaar aangestel as hoof van die departement in die plek van professor Fred le Roux wat afgetree het. Sy aanstelling het 'n stelselmatige verandering in werkswyse tot gevolg gehad, asook nuwe idees en projekte wat tot uitvoering gebring is.

"Maar", sê meneer Pretorius, "een van die dinge waaroor ek die blyste is, is dat ek my opleiding onder Professor le Roux gehad het en die meeste deur hom beïnvloed is."

### AKADEMIESE STATUS

Professor le Roux is in 1969 aangestel as hoof van die Drama-departement, wat op daardie tydstip al twee jaar lank sonder 'n hoof moes klaarkom. Dit was hý wat die departement weer op 'n gesonde grondslag geplaas het, 'n waardige universiteitsdepartement daarvan gemaak het en die kursus 'n sekere akademiese status gegee het. Laasgenoemde was een van sy belangrikste oogmerke. Van oud-studente is verneem dat, alhoewel daar vyf groot produksies per jaar was, praktiese klasse in Drama omtrent nie bestaan het nie. Professor le Roux het die kursus so beplan dat studente 'n breë opleiding in die praktiese-, sowel as akademiese aspekte van die toneelspel-kuns en drama-literatuur sou kry. Verder het hy die personeel uitgebrei en die personeelstruktuur só geskep dat dit werkbaar was.

Hy was direk verantwoordelik vir die afstel van die vierde B.Dram.-jaar en die instel van Drama Honneurs. Ook het hy die oorbelading van dramastudente verminder deur Drama IA te laat tel as twee vakke. Drama IB, 'n suiwer teoretiese kursus, is deur hom ingestel asook die keuserigting, Drama-in-die-Onderwys.

### BALANS

Hy het dus die kursus gerasionaliseer en 'n balans getref tussen praktiese en teoretiese opleiding.

Waar daar dan universiteite was wat daarop aanspraak gemaak het dat hulle akteurs oplei, het Professor le Roux by herhaling dit duidelik gestel dat 'n universitêre drama-departement nie in staat is om dié funksie te vervul nie — net so min as wat die Afrikaanse en Nederlandse Departement digters oplei. Dit is die funksie van toneelskole, waarby enigiemand wat talent het, met of sonder matrikulasievrystelling, kan inskryf. In Brittanje is daar minder drama-departemente as in Suid-Afrika en nie een van hulle maak direk aanspraak op akteursopleiding nie.

### KRITIEK

Kritiek teen Professor le Roux se manier van doen, bv. dat daar te min aandag aan praktiese werk gegee is, moet teen bogenoemde agtergrond gesien word. Vir hom was die kursus eerder 'n inleiding tot die dramatiese — en akteurskuns, 'n breë verryking van die gees.

Tog is daar elke jaar minstens twee produksies van uiters hoogstaande gehalte aangebied. Daar was in dié tydperk bv. drie Drie Blare-nominasies en twee Drie Blare-bekronings in die departement.

### HERMAN PRETORIUS

Aan die einde van 1978 tree Professor le Roux af as hoof van die Drama Departement van Stellenbosch en volg meneer Herman Pretorius hom op.

Meneer Pretorius wou vanjaar, die oorgangsjaar, drie dinge bereik: hy wou die departement tot 'n eenheid snoer, hy wou professionele mense van buite kry om professionele werk te kom doen en hy wou deelname aan praktiese werk verhoog.

In die eerste plek wou hy 'n groter eenheid in die departement verkry deur groepprojekte waarby alle studente betrokke is, van stapel te stuur. Ook het hy probeer om grense tussen afdelings in vakke uit te wis, bv. deur 'n dosent aan te stel wat Engelse Spraak met Afrikaanse en Engelse Toneelspel kon kombineer.

Professionele mense van buite is gevra om vir sekere tydperke as gaslektore op te tree. So het Suzanne van Wyk bv. vir vyf weke lank die derdejaars 'n intensiewe kursus in Radiowerk gegee; Pieter Bredenkamp, Grimering; Manie van Rensburg, Televisie- en filmopleding en Jannie Gildenhuys is die regisseur van *Noag* wat in die vierde kwartaal in die H.B. Thom-teater opgevoer word. Die doel hiervan is dat die studente kontak maak met professionele werkswyse en ook sodat hulle bekend kan raak by professionele mense.

### PRAKTIESE WERK

Derdens het meneer Pretorius beoog om die deelname aan praktiese werk te verhoog: Hy het begin deur die Kelderteater in gebruik te neem. USAT het dit eerste gebruik vir *Interview* en daarna het vier derdejaars *Vlot ter See* daar opgevoer. Verlede week is dit gebruik vir 'n mimiek-program deur tweedejaars.

'n Sisteem van etensuurprogramme is ingevoer om alle studente die geleentheid te gee om by herhaling op te tree voor 'n gehoor. Dié programme word gedoen in die vorm van klaswerk wat oopgestel word. Dit laat ook die deur oop vir enige dosent òf student wat skeppende werk wil doen. Vanjaar het ongeveer 'n duisend studente al etensuurprogramme bygewoon. Dit bewys dus dat daar wel 'n behoefte aan so 'n "informele" teater was.

Die basiese akademiese kursus in die departement het dus behoue gebly asook die tradisie van twee groot produksies per jaar (*Andorra* opgevoer deur Johann van Heerden in die eerste semester en *Noag* wat nog kom).

### WERKSWYSE VERANDER

Wat wel verander het, is die werkswyse binne die departement: waar daar eers op meeste aspekte van die teater gelyk gekonsentreer is, is die sogenaamde blokweekstelsel dié jaar ingevoer. Dit beteken dat daar op gekonsentreerde wyse op elke aspek van die teater vir 'n tydperk van ongeveer vier weke gekonsentreer word. Die verskillende afdelings word dan om die beurt aangebied.

### VOLGENDE JAAR

Vanaf volgende jaar word daar alreeds in die eerste jaar 'n duidelike skeiding tussen die A-kursus (prakties) en die B-kursus (teoreties) getref. Dié skeiding kan dan later deurloop tot in die derde jaar waar 'n teoretiese graad in Drama behaal sou kon word. Dit laat ook die deur oop vir 'n drie- of vierjarige graad of diploma waarbinne akteurs opgelei kan word, soos aan sommige ander universiteite.



*Reinaard die Vos, 'n produksie deur die Drama-departement in 1977.*

## MENINGS VAN STUDENTE

DIE *Matie* het aan 'n paar dramastudente gevra om hul menings te lug oor die verandering in die aanbieding van die dramakursus. Hier volg 'n paar menings:

### MENINGS VAN DRAMASTUDENTE

Nathalia da Rocha (tweedejaar): "Aan die einde van verlede jaar het al die studente geskree vir meer praktiese en algemene werk. Hulle was van mening dat daar veranderinge in die kursus moes kom. Dit het gebeur. Die kursus bevat nou baie meer praktiese werk, maar almal is nie heeltemal tevrede nie; te veel werk!

Sekere aspekte van die kursus het egter onveranderd gebly. Ek voel dat daar meer gelyke rolverdelings vir opvoerings gemaak moet word. In hierdie opsig kan die kursus nog verander."

Keriesa Botha (tweedejaar): "Ek dink die veranderinge in die dramadepartement is positief. Die blokmetode wat hierdie jaar gebruik word bevorder beslis intensiewe werk. Die studente word meer blootgestel aan publisiteit, wat ek voel 'n positiewe verandering is.

Veral mimiek en poppekasklasse het 'n ander aspek van drama belig. Ek voel ons bereik nou meer. Natuurlik moet daar nog heelwat veranderinge plaasvind, "but Rome was not built in one day." Daar is wel bewys dat daar 'n bereidwilligheid onder die lektore en lektrises bestaan om te eksperimenteer en die idees van die studente te beproef. Dit op sigself is prysenswaardig.

'n Aspek wat egter nog baie aandag nodig het, is selfwerksaamheid onder die studente. Ek voel dat studente meer geleentheid gebied moet word om op hul eie te werk en te eksperimenteer."

Morlette Lindsay (honneurs): "Die departement is tans in 'n transformasiestadium. Ek is die enigste voltydse honneursstudent en word dus in 'n baie ongemaklike situasie geplaas. Die res van die Drama-departement word eerste gestel. Daar word geen groepwerk gedoen nie. Alles hang dus af van of ek bereid is om iets van die kursus te maak of nie."

Anél Oberholtzer (derdejaar): "Daar heers 'n baie meer spontane en ontspanne atmosfeer in die departement. Ek skryf dit toe aan die veranderinge in die kursus. Ons word toegelaat om meer ons eie inisiatief te gebruik en pak die werk met meer plesier aan.

Meer mense weet nou wat ons doen d.m.v. die etensuur-programme wat ons aanbied. Daar is behoorlik 'n oplewing van jeugdigheid in die departement."

### MENINGS VAN NIE-DRAMASTUDENTE

Wat dink die ander studente op Stellenbosch van dramastudente? Hier volg 'n paar uiteenlopende menings:

Ronél Burger, B.Sc.: Dit is nie dat hulle anders is as ander studente nie, hulle word soms net makliker uitgeken omdat hulle so spontaan optree. In 'n mindere mate word hulle ook aan hul kleredrag uitgeken. Hulle is mense wat nie doekies omdraai nie. Hulle leef hul gevoelens en idees uit.

Johan Coetzee, B.A.: Hulle beïndruk my glad nie — ek wonder of hulle meer verbaas is om ons uitkyk in die lewe te sien as wat ons is om hulle s'n te sien.

J.D. Louw, B.A. Admissie: Hulle is net soos ons.

Dirkie Theron, B.Comm.: Ek dink baie min van hulle.

Michael Kotze, B.A. Regte: Ek dink hulle is tipies student, net 'n bietjie snaaks.

Marius Nel, B.A.: Ek kan nie sê hulle is anders nie, vir my is hulle tipiese studente.

Joggie van der Merwe, B.A. Regte: Party dink omdat hulle drama swot moet hulle uit "freak".

Ian Basson, B.A.: Hulle lyk meer openlik en liberaal in hul lewensuitkyk. Dit wil voorkom of almal altyd bewus móét wees dat hulle drama swot.

Aloma Jonker, B.Sc. Landbou: Ek het nog nie baie kontak met dramastudente gehad nie. Ek weet net hulle trek gewoonlik anders aan.

Michiel de Kock, B.A. Admissie: Sommige studente is anders, maar nie noodwendig almal nie. Ek ken nie baie dramastudente nie.

Dewald Visser, B.A. Regte: Dramastudente is nie "freaks" nie. Hulle is meer ongeïnhibeerd en spontaan as die meeste ander studente. Ek dink hulle is definitief anders, maar hierdie andersheid is nie noodwendig negatief nie. Hulle is vir my meer "mens" mense.

Yvonne Hatz, B.A.: Ek dink nie dramastudente vorm 'n homogene groep nie. Daar is twee breë en duidelike strome wat waargeneem kan word: Dié wat hulle met die gemiddelde student wil identifiseer en hulle leefwyse volg en dié wat nie noodwendig meer liberaal is nie, maar tog opvallend vertoon.

Menings van mansstudente in Helshoogte (die ouens wou nie hulle name gepubliseer hê nie) — was soos volg:

"'n Mens moet hulle persoonlik ken om van hulle te hou. Met die eerste oogopslag skep hulle nie so 'n goeie indruk nie."

"Hulle is heeltemal anders as die ander studente. Hulle is 'n nuwe spesie en absoluut uitkenbaar van die ander studente."

"Die mansstudente is oordrewe verwyfd. Hulle is eksentriek wat houding en kleredrag betref."

"Ek dink hulle probeer *weird* en anders wees. Daar is 'n paar mooi *girls, although!* "

"Hulle is lawaaierig en tree gedramatiseerd op. Oor die algemeen het hulle 'n eksentrieke voorkoms, dit impliseer egter nie dat ek negatief teenoor hulle ingestel is nie."

"Ek dink hulle oorreageer. Dit beïndruk my nie. Daar is darem 'n paar uitsonderinge."

"Ek dink nie dramastudente is *weird* nie. As hulle snaaks optree of voorkom beteken dit net dat hulle goeie toneelspelers sal wees."

"Hulle is 'n groep op hul eie en skep nie altyd 'n gunstige, eerste indruk nie."

"Hulle is verskriklik snaaks. Hulle word uitgeken aan hul kleredrag."

"Hulle sal miskien soms 'n bietjie oorreageer in situasies wat nie soveel moeite werd is nie."

## DIE DEURSNEE DRAMA-STUDENT

DIE Drama-departement, half weggesteek agter die Ou Hoofgebou, is 'n plek waaroor baie studente wonder, baie oor praat en baie min iets van weet!

'n Dramastudent word dikwels gekonfronteer met die stelling dat toneelspeel mos net ontspanning is en nie werk nie of dat Drama net 'n rykmanskursus is vir dié wat nie 'n graad nodig het nie, maar darem iets agter hulle name wil skryf.

Dit is nie die waarheid nie. Die gemiddelde dramastudent het 'n totaal van twee-en-veertig periodes per week. Daarby moet ekstra oefen-periodes gereken word, want in die klasse self word slegs riglyne gegee; asook repetisietye wat bestaan uit twee uur twee aande 'n week, drie uur op 'n Vrydagmiddag en drie uur op 'n Saterdagoggend. 'n Maand voor 'n opvoering word dié tye boonop verdubbel!

Behalwe Drama, moet onthou word, het die dramastudent ook sy ander B.A.-vakke: drie in sy eerste-, twee in sy tweede- en een in sy derde jaar — net soos in enige B.A.-kursus en aan dié vakke moet darem ook af en toe aandag gegee word. Dit word gewoonlik in middagetenstye, tussen periodes en in die middernagtelike ure gedoen.

### TEORETIES EN PRAKTIES

Drama is nie die maklikste kursus op die kampus nie. Wat mense vergeet

(Vervolg op bl. 3, kol. 5)

COBWEBS
Dorpstraat 145

'n Geskenk met verbeelding gekies, getuig van goeie smaak maar hoef beslis nie 'n plaas se prys te kos nie.

Juweliersware
Kerse
Mandjies
Droë blomme & sade
Klokkies
Wierook
Skulpe

# Klip in die 'Bosch

"KUNS" is ten enemale 'n begrip wat moeilik vasgepen kan word: soos die legendariese Proteus neem dit steeds nuwe verskyningsvorme aan. Die idee van hierdie reeks is om te kyk na enkele van die "metamorfoses van Proteus" in die greep van moderne denkers.

### KULTUURSTRATEGIE

Kenmerkend van resente kunsteorieë is hul dinamiese geaardheid: die spanning tussen beelding en verbeelding, illusie en openbaring, oppervlakte en dieptestruktuur, hede en toekoms, erns en spel, word vasgevang in pare opponerende figure, bv. Apollo en Dionusos (Nietzsche), Prometheus en Orpheus (Marcuse), Homo faber en Homo ludens (Huizinga) e.a. Kuns word gesien as deel van 'n omvattende "kultuurstrategie" (Van Peursen) wat inspeel op die alledaagse: dit geld bowenal as verkenning van en antispasie op 'n alternatiewe toekoms. In die bevraagtekening van oorgelewerde waarhede en verstarde strukture is kuns by uitstek . . . 'n klip in die bos.

### KOLAKOWSKI

Die aanhaling wat volg illustreer hoedat die filosoof, Lezlek Kolakowski, aan die hand van die antagonistiese figure van priester en nar 'n greep probeer kry op hedendaagse kulturele – en dus ook politieke! – problematiek: "The antagonism between a philosophy that perpetuates the absolute and one that questions accepted absolutes seems incurable; as incurable as that which exists between conservatism and radicalism in all aspects of human life. This is the antagonism between the priest and the jester . . .The priest is the guardian of the absolute, he sustains the cult of the final and the obvious as acknowledged by and contained in tradition. The jester is he who moves in good society without belonging to it and treats it with impertinence; he who doubts all that appears self-evident . . .In every era the jester's philosophy exposes as doubtful what seems most unshakable, reveals the contradictions in what appears obvious and incontrovertible, besides common sense and reads sense into the absurd . . .The jester's constant effort is to consider all the possible reasons for contradictory ideas. It is thus dialectical by nature – simply the attempt to change what is because it is. There are more priests than jesters at a king's court, just as there are more policemen than artists in his realm. Apparently it cannot be otherwise: it is the preponderance of a single world over the multiplicity of possible words, the preponderance of the ease of falling over the difficulty of climbing to the top. We declare ourselves in favour of the jester's philosophy, and thus vigilant against any absolute . . . Thus we opt for a vision of the world that offers us the burden of reconciling in our social behaviour those opposites that are the most difficult to combine: goodness without universal tolerance, courage without fanatism, intelligence without discouragement and hope without blindness."

P.P. DE V.

# MOULIN ROUGE

USAT bied dié naweek in die Libertasteater sy langverwagte *Moulin Rouge* aan. Dit sal in die vorm van 'n kaas-en-wyn geselligheid geskied, waarby daar musiek, melodrama, "can-can girl" ens., ens., as vermaak sal dien. Kaartjies kan teen R2,50 per persoon by die deure gekoop word. Dit sal waardeer word indien die drag naastenby by die tydvak kan pas.



*Die wenfoto van Fotovaria '79: In Pursuit*, **'n kunsfoto van Marc Degenaar. 'n Berig oor die kompetisie verskyn op bl. 9.**

# 19de-Eeuse Realisme Slaag

IN teenstelling met die moderne, abstrakte uitstallings wat die Universiteit van Stellenbosch se Kunsmuseum in die afgelope paar maande aangebied het, is die huidige uitstalling van die werke van Solomon Caeser Malan 140 jaar terug geskets. Dit is 'n tentoonstelling van sy Kaapse en Indiese werke en lewer 'n gepaste bydrae tot die Stellenbosse fees.

### NIE PROFESSIONEEL

Met inagneming van die feit dat Malan nie 'n professionele kunstenaar was nie, maar die skilderkuns vir sy eie genot beoefen het, is die algemene gehalte van sy werke verassende hoog. In sy landskap- en bergwêreldsketse slaag Malan besonder goed daarin om met afwisseling van reën en sonlig die atmosfeer van die vroeë Kaap vas te lê. Hierdie werke in potlood en waterverf gedoen, dien as 'n lewensgetroue en gevoelvolle weergawe van die gees van 'n vorige geslag.

### LIG EN RUIMTE

Die waterverfwerke in die uitstalling verteenwoordig amper die totale oeuvre van Malan aan die Kaap. Deur die drie basiese hoofskakerings wat hy gebruik in te smeer en te meng, ontwikkel Malan 'n tegniek waardeur die skaduwees in sy werke direk aangebring word. Hierdie kenmerk getuig van Malan se geesdrif vir die uitbeelding van lig en ruimte.

Solomon Caeser Malan se paar sketse illustreer duidelik sy definisie van tekenkuns as 'n menslike vermoë om die natuur na te boots-die natuur as beeld van God se handewerk. Gesien teen die agtergrond van die tydperk waarin Malan gewerk het, maak hy beslis 'n belangrike bydrae tot die grondlegging van 'n eie Suid-Afrikaanse kuns.

MARK SATER

# Duvivier, Rohmer se Films Rol

OP Maandagaand 27 Augustus word *Panic* (1946) in die Reitzsaal vertoon "Directed by Julien Duvivier it develops an ironic theme within a bristling story that has elements of tenderness and charm." (Crowther)

### DIE MARQUISE VON O ....

Op Maandagaand 10 September word Eric Rohmer se film *Die Marquise von O . . .* (1977) in die Van der Sterr-saal vertoon. Hieromtrent skryf David Sterritt soos volg:

"*The Marquise of O . . .* is a delicate experiment in literary cinema. Eric Rohmer, one of the most word-conscious filmmakers anywhere, has taken a long story by the German writer Heinrich von Kleist and attempted to transpose it to the screen, word for word and gesture for gesture. The result is an immaculately wrought and justly celebrated excursion into manners, morals, and borderline surrealism . . . Only a director as civilised as Rohmer could have maintained the exquisite balance that prevails throughout *The Marquise of O . . .* He unfolds the story smoothly and quietly, allowing its absurdisms to erupt so organically from the narrative texture that we don't know whether to laugh, cry, or gasp. So we do some of all three, and at the end we realize that's exactly what Rohmer intended. It's an emotional balancing act of the first order, pulled off with singular wit and grace."

# kuns - kalender

**KONSERVATORIUM**

**24 Augustus:** Universiteitsblaaskwintet (20h00).
**7 September:** Kamermusiek-de-Groote-gesin. (20h00).
**30 Augustus:** Etensuurkonsert.
**6 en 15 September:** Etensuurkonsert.

**KAAPSE STADSAAL**

**30 Augustus:** Klavierkonsert (solis-Steven de Groote). (20h15).
**4 September:** Klavierkonsert (solis-Anne Quelfelec). (20h15).
**13 September:** Klavierkonsert (solis-Jeffrey Siegel). (20h15).

**NICO MALAN-TEATER**

**1 – 29 September:** "Anastasia".
**1 – 31 Oktober:** "The diary of Anne Frank".

**H.B. THOM-TEATER**

**27 – 30 Augustus:** Opperman-week (13h15).
**5 Oktober:** Opperman-aand (20h15).
**11 – 13 Oktober:** Noag (20h15).
**18 – 20 Oktober:** Noag (20h15).

**KELLER**

**14 September:** Studente-projekte (13h15).

**FILMVERENIGING**

Sien hieronder.

**KUNSUITSTALLINGS**

**U.S. Kunsmuseum:**
**tot 29 September:** S.C. Malan.
**Edrich – Vilka Gallery:**
**27 Augustus – 8 September:** Kobus Louw – skilderye.

**LIBERTAS TEATER**

**24 – 25 Augustus:** Moulin Rouge – USAT.

*vervolg van bl. 2, kol. 5*

is dat dit bestaan uit beide praktiese en teoretiese werk. Laasgenoemde behels onder andere 'n kursus in Shakespeare en teksanalise. Die praktiese werk, bestaande uit onder andere toneelspel, radio- of filmwerk, verg op sy beurt net soveel liggaamlike energie as geestelike energie. Na 'n Saterdagoggend se drie uur lange intensiewe konsentreer om soos iemand anders te dink, te praat, te beweeg, is die studente gewoonlik uitgeput na liggaam en gees.

Dit is 'n beeld van die arme dramastudent op Stellenbosch wat soms so kras geoordeel word.

# OPPERMAN- VOORDRAG

DIE Departement Drama bied aanstaande week 'n program van voordrag aan uit die werke van D.J. Opperman.

### KLEM OP ONBEKENDE VERSE

**Die verse wat aangebied word, kom uit al Opperman se bundels, maar daar word veral klem gelê op die verse wat nie dikwels gehoor word nie.**

Die program strek oor vier dae en bied die volgende aan:

Maandag 27 Aug: Verse oor die liefde en die non uit al die bundels aangebied deur die 2de-jaar dramastudente.

Dinsdag 28 Aug: 'n Reeks verse rondom geboorte en die dood deur die 2de- en 3de-jaars.

Woensdag 29 Aug: Die volledige kroniek van Christien en volledige Spermutasie deur die 3de-jaars.

Donderdag 30 Aug: Verse rondom figure asook komiese verse deur die 3de-jaars.

Die week word afgesluit met 'n Opperman-aand waar die beste werke van die week dan herhaal word.

Die voordragte word in die H.B. Thom-teater aangebied en begin stiptelik om 13h15 en sal duur tot 13h45. Toegang is gratis.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery




# Met ons spesiale studenteaanbod kan ons jou van die begin af help.

Barclays-Nasionaal verstaan die probleme wat 'n student vanaf sy eerste dag op universiteit ondervind. Daarom het ons 'n spesiale aanbod om jou deur jou studiejare te help.

**Soos spesiale laerentekoers-lenings** om boeke, elektroniese rekenaars of 'n teodoliet te koop. Geld om jou deur noustroptye te help en miskien 'n vliegkaartjie huis toe te betaal. Selfs bystand met studiegeld. En hierdie spesiale laerentekoers-lenings kan oor 'n ruim tydperk terugbetaal word.

**Tjekrekenings teen spesiale lae koste.** Met 'n tjekboek het jy een van die beste maniere om jou begroting uit te werk en presies te weet waarop jou geld bestee is. Dis natuurlik ook die maklikste metode van betalings doen. En vir studente hou ons die koste van 'n tjekrekening op sy laagste.

**Wanneer jy 'n Barclays-Nasionale tjek- of spaarrekening open,** of 'n Barclaykaart aanskaf, ontvang jy 'n nuttige studentestel – heeltemal gratis. Dis maar net nog 'n manier waarop ons jou graag help.

Gesels gerus met jou Studentesakebestuurder op die kampus of by die tak van Barclays-Nasionaal naaste aan die universiteit.

BARCLAYS-NASIONAAL

Barclays-Nasionale Bank Bpk. (Geregistreerde Handelsbank)

JWT 2197/3

# TUKS SR GEKANT TEEN BRUIN ASB – LEDE

FRANCOIS DU BOIS

EEN van die mees positiewe besluite wat die ASB op sy kongres gedurende die Julie-vakansie geneem het, is onlangs deur die VSR van Tukkies sonder 'n enkele teenstem verwerp. Die VSR het hom sterk uitgespreek teen die ASB se besluit om die ASB in beginsel oop te stel vir Afrikaans sprekende bruin studente. Hierdeur het die VSR ook by implikasie die ASB se besluit om 'n tak op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland te stig, verwerp.

Hierdie omstrede mosie van die 31ste ASB-kongres het van die begin af heelwat teenkanting ondervind. Dit is aanvaar met 'n meerderheid van 50 stemme teen 25, maar 'n aantal kongreslede het 'n buitengewone versoek tot die president gerig dat hulle stemme teen die mosie genotuleer word. Die dag nadat die kongres die mosie aanvaar het, het daar reeds die gevoel onder kongreslede bestaan dat indien die mosie weer tot stemming gebring word, dit verwerp sou word.

## VREES

Met die eenparige verwerping van die ASB se besluit, het die SR van die grootste ASB-kampus, finaal die beeld van 'n "verligte" ASB die nek ingeslaan. Dit is baie duidelik dat ASB-lede vrees dat die leierskorps die algemene lede voor is in progressiewe politieke denke.

Ten spyte van die VSR se veroordeling van die enigste besluit van die onlangse ASB-kongres wat as 'n voorwaartse stap beskou kan word, het daar ook 'n enkele positiewe klank uit TUKS se VSR gekom. Hulle het hulle ten gunste van skakeling en samewerking met studenteorganisasies in S.A. uitgespreek omdat dit 'n bydrae kan lewer tot die daarstelling van 'n aanvaarbare toekoms vir almal in S.A.

## REGVERDIG

Die VSR het hulle verwerping van die ASB-besluit probeer regverdig deur aan te voer dat die oopstelling van die ASB vir Afrikaanssprekende bruin studente, die reg van die Afrikaners om eksklusief as Afrikaners byeen te wees, asook die wese van die ASB, aantas. Die voorstellers het die noodsaak om met "anderskleurige" studente te skakel, beklemtoon. Samewerking met "anderskleuriges" moet egter nie binne die ASB geskied nie.

Die voorstellers van die VSR-mosie het daarop gewys dat daar op die Tukkiekampus 'n sterk gevoel bestaan teen die ASB-besluit. As die gevoel op die grootste ASB-kampus enigsins 'n aanduiding is van die algemene sienswyse onder ASB-lede, lyk dit asof die ASB steeds nie daartoe in staat is om die Suid-Afrikaanse werklikheid vreesloos in die oë te kyk nie.

## OU KWAAL

Die voorstellers het gewaarsku dat die ASB deur die kongresbesluit gereduseer word tot 'n samewerkingstruktuur en dat die doel van die ASB daardeur misken word. Dit lyk asof die voorstellers dit uit die oog verloor het dat dit die doel van die ASB is om die Afrikaanse kultuur te bevorder en dat dit juis bevorder sal word as ook die bruin studente die geleentheid kry om binne die ASB alle Afrikaanssprekendes se gemeenskaplike erfenis te bevorder. Die VSR het deur hulle besluit getoon dat die ASB se ou kwaal – 'n gebrek aan waagmoed en skeppende denke – nie deur die afgelope kongres genees is nie. Daar bestaan nou ook nie meer die geringste twyfel oor die koers wat die ASB in die toekoms sal inslaan met 'n Tukkie, mnr. Chris Fismer, as president vir volgende jaar nie.



CHRIS FISMER

# DENIM-DRAMA BY SR VERKIESING

DAT Bert Sorgdrager op 'n Sondag in 'n bloujanna by sy meisie gaan kuier het, was een van die besware wat hom sy benoeming vir die SR-verkiesing gekos het, berig *Rapport*. Na 'n appél is hy nou 'n SR-kandidaat vir die Potchefstroomse Universiteit.

Die 'onthulling' is misleidend want die SR het die klag oor sy kleredrag self verwerp. Om op grond daarvan afgekeur te word is absurd volgens die SR want denim-klere is goedgekeur en mag op die kampus gedra word.

Mnr. Sorgdrager se benoeming is nie goedgekeur nie omdat daar nie die vereiste twee-derde-meerderheid stemme in die SR was nie. Daar is getwyfel of sy lewens-en-wêreldbeskouing aan die vereistes, wat aan 'n SR-kandidaat gestel word, sou voldoen. Lede wat buite stemming gebly het, wou eers meer inligting oor die saak hê.

## RELEVANT

Ander bewerings wat onbekend gebly het was meer relevant het mnr. Sorgdrager gesê. Hoewel hy nie wou appeleer nie, is hy oorreed om dit te doen. Sy nominasie is toe deur die SR goedgekeur – denim-broek en al.

J. SAAIMAN

# Ikeys wil Morris toelating weier

MICHAEL Morris, 36, is 'n oud-polisieman en tans voorsitter van die Veiligheidsvereniging van Suid-Afrika en uitvoerende bestuurder van twee veiligheidsorganisasies. Terwyl hy vroeër 'n student aan die Universiteit van Kaapstad was, het hy in 1964 twee personeellede en twee studente in hegtenis laat neem ingevolge die Wet op Terrorisme. Al vier hierdie persone is skuldig bevind op aanklagte ingevolge bogenoemde wet.

Michael Morris het nou planne om 'n meestersgraad oor stedelike terrorisme aan die U.K. te verwerf. Sekere probleme as gevolg van sy vroeëre bedrywighede het nou opgeduik. Die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte het besluit om die Universiteitsraad te versoek om hom toegang tot die universiteit te verbied. Alhoewel sy kwalifikasies genoegsaam is vir 'n M.A.-graad wil hulle hom verhinder om sy studies aan die U.K. voort te sit op grond van redes soos bv. sy vroeëre bedrywighede wat hom ongewens op die kampus gemaak het, die gebrek aan 'n objektiewe manier om die geldigheid van sy verklaring dat hy nie meer besig is met sy vroeëre bedrywighede nie, vas te stel en die feit dat sy teenwoordigheid die vryheid van spraak van dosente en studente sal benadeel. Op 'n onlangse vergadering van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte het 60 studente teen sy hertoelating gestem. Dit is maar 0,5 persent van die totale studentetal.

Prof. De Crespigny, hoof van die Departement van Staatsleer aan die U.K. het gesê dat dit lyk of alles in hierdie saak gaan oor polisiehaat. Volgens hom het mnr. Morris niks verkeerd gedoen in die verlede nie en is daar nie rede om hom toegang te weier nie.

Mnr. Morris, self, kan ook nie verstaan hoe dit moontlik is dat 'n fakulteitsraad so 'n besluit kan neem sonder om hom 'n kans te gee om ook sy saak te stel nie. Hy sê dat die Ikeys bly behoort te wees dat hy destyds sulke elemente van hulle kampus verwyder het.

Dit wil dus voorkom of dit nie enige iemand vry staan om aan die Universiteit van Kaapstad te studeer nie alhoewel die Ikeys groot kampvegters is vir vryheid van spraak en beweging.

J.J. NORTIER




Goodgoll, Said Campbell-Ewald 5294M


# Klasdraf met Das?

VOLGENS 'n berig in die uitgawe van 31 Julie 1979 van *UPEN*, studentekoerant van die Universiteit van Port Elizabeth, is daar by UPE aan die begin van 1979 'n toetstydperk van ses maande ingestel waartydens mansstudente nie hoef das te dra nie. Indien dit tydens hierdie tydperk sou blyk dat die algemene netheid van die mansstudente afgeneem het, sal die dra van dasse weer verpligtend gemaak word.

Die Vakkomitee vir Geskiedenis het onlangs 'n versoek aan die Adviserende Komitee gerig waarin hulle vra dat mansstudente weer verplig word om dasse te dra omdat die algemene netheid van die mansstudente die afgelope ses maande agteruitgegaan het. In 'n opname onder ±25 Vakkomiteevoorsitters het geblyk dat almal wat genader is, tevrede is dat die stelsel wat gedurende die toetstydperk gehandhaaf is, nie die algemene netheid van die mansstudente negatief beïnvloed het nie.

Die versoek van die Geskiedenisvakkomitee is afgekeur deur die Adviserende Komitee omdat volgens hulle, die dra van 'n das nie die bepalende faktor is vir die netheid van 'n persoon nie. Die afskaffing van die dasreël is tot dusver nog nie finaal deur die Universiteitsraad bekragtig nie. Totdat dit gebeur sal die UPPIES dus maar met 'n tydelike knop van vrees in die keel moet loop.

Vir die Maties is dit seker snaaks dat die UPPIES nog moet veg vir die afskaffing van die reël wat hulle verplig om das te dra, terwyl ons mansstudente met oopnekhemp en sandale klas toe gaan.

# NAAS EN DARIUS KIES MEISIES

BO en behalwe die feit dat die twee Botha-broers, Naas en Darius, uitmuntende rugbyspelers is, het hul ook 'n oog vir 'n mooi nooi, en kan hulle ure sit en gesels oor hul droommeisies.

## NAAS BOTHA

Wat die uiterlike betref, is Naas se standaarde heel gemiddeld; nie té aantreklik nie en gewis ook nie rietskraal nie. Daarbenewens moet sy met haar voete op Moeder Aarde staan, want, so sê hy, "'n Dromerige meisie is nooit jou meisie nie; sy sweef altyd daarbó." Ook haar kleredrag behoort altyd onberispelik te wees, aangesien dit, tesame met 'n onbesproke karakter, sy maatstaf vir vroulikheid is. Van rugby hoef sy nie veel te weet nie, hoewel sy darem 'n intelligente gesprek moet kan voer. In teenstelling met sy broer, gee Naas nie om as dames voel dat hul mooi genoeg is om aan 'n skoonheidswedstryd deel te neem nie; solank hulle net nie 'n stokperdjie daarvan maak nie.

## DARIUS

Hoewel Darius ook voorkeur gee aan 'n fyn en vroulike meisie, is inisiatief en spontaniteit vir hom die belangrikste vereistes. Uit die aard van sy beroep (predikant), is die meisie se godsdienssin vir hom 'n sentrale oorweging, hoewel die idee van 'n vrouepredikant hom nie veel aanstaan nie. Anders as sy broer se keuse, moet sy meisie darem iets van rugby ook weet, want is dit dan nie haar plig om hom by sy wedstryde te ondersteun nie?

Waar dit by stokperdjies kom, hou Naas maar by sport en meisies, terwyl Darius met groot entoesiasme kan uitwy oor sy groot liefde vir sy honde. Vandaar dan ook sy ander groot voorkeur, nl. 'n lekker geselsie so nou en dan.



NAAS BOTHA

Albei broers is dit eens dat Kaapstad een van die mooiste stede in Suid-Afrika is, maar of hulle hul geliefde Transvaal vir die Kaap sal verruil, is 'n ander saak; behalwe natuurlik as . . . Hoe lyk dit dames, wie gaan probeer om die Bloues se twee staatmakers Kaap toe te l[illegible]ng?

HANNELIE GREYLING

# PERSVRYHEID IN WEEGSKAAL?

VOLGENS 'n berig in *Die Perdeby*; studentekoerant van die Tukkies, beweer Prof. van der Vyver, gewese dekaan van die P.U. Regsfakulteit, dat hoewel die pers vandag nog baie vryheid geniet, daar 'n swaard oor sy kop hang.

In 1973 is die eerste publikasiewet opgestel, maar na oorleg is ingestem dat koerante nie hieronder sal val nie en dat die Persraad eie sensuur sou toepas. Volgens Prof. van der Vyver het die *Rand Daily Mail* se reeks artikels daarna oor toestande in S.A. se tronke mnr. John Vorster redelik opgewonde gehad. Die pers kon na samesprekings met die regering die wetgewing wat toe opgestel is, afweer.

Volgens Prof. van der Vyver is die huidige Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, se standpunt duidelik getoon deur die A.G.-wetgewing. Dit is duidelik dat die regering die pers wil beheer.

Die A.G.-wetgewing maak dat die huidige situasie ten opsigte van die Polisie, Weermag, Gevangenisdiens en Inrigtings vir Geestelik versteurdes, geld vir die hele Staatsdiens. Dit beteken dat geen valse inligting oor die instansies gepubliseer mag word nie. Indien 'n verslaggewer op 'n onreëlmatigheid afkom, moet hy sy inligting verifieer. Indien die persoon in beheer van die instansie sou weier om met hom die aangeleentheid te bespreek, mag dit nie gepubliseer word nie.

## Dames in Koshuise

# KLAGTES IS VOLOP

RONEL LOUBSER

**A**LLES verander, maar één ding behou sy waarde: "Elke huis het sy kruis." Vra enige dame hoe dit gaan en binne die bestek van vyf minute sal daar 'n koshuisklagte uitborrel. Een van die gewildste klagtes gaan oor streng reëls, maar 'n mens moet dit miskien maar aanvaar as 'n onveranderlikheid.

'n Ander klagte (regverdiglik! ) gaan oor die gebrek aan smaakvolle en gesellige sitkamers. Soos Mev. Muller van Harmonie tereg opgemerk het, lyk dit op 'n haar na soos die eertydse tuishuise s'n. **Sommige koshuise het nét een groot lokaal, en werklik, almal het nie ewe veel selfvertroue nie! Verdien koshuissitkamers nie meer atmosfeer en aandag nie?**

### ENKELKAMERS

'n Dame is gewoonlik na twee of drie jaar in 'n dubbelkamer lus om op haar eie te wees. Dameskoshuise het egter min enkelkamers en dit word boonop nie sonder genoeg frustrasie, twis en moeite bekom nie. Vandaar, dalk, die groot vraag na privaatlosies.

'n Ander algemene grief is teen die onbetaalbare losiesgelde. Heelwat dames eet 'n breukdeeltjie van die kos waarvoor sy betaal. **Is dit nie moontlik om 'n stelsel, soortgelyk aan die van Hippokrates en Huis Francie, in te stel nie? Wil jy die middag en die aand eet, lewer jy betyds die betrokke kaartjies daarvoor in en betaal dan dáárvolgens. Dit behoort groot besparings teweeg te bring, veral vir mense wat gereeld uitgaan en min naweke by die koshuis is.** Dames vind dit ook jammer dat oud-huislede moet opdok as hulle 'n ete by hulle gewese tuiste geniet.

### TV'S EN TELEFONE

'n Onfeilbare bron tot ergernis is die TV's, en veral die telefone in koshuise wat alewig stukkend is. **Dis 'n ding wat baie trane en onnodige sterk taal veroorsaak.** Asseblief, dit sal waardeer word as 'n mens na 'n telefoon kan gaan met die wete dat daar 'n skakeltoon gaan wees en dat jy waarde vir jou enigste 5c gaan kry.

Die inwoners van koshuise wat naby aan die Konservatorium geleë is, voel baie verontwaardig oor die feit dat vreemde musiekstudente totaal oorneem in die ontspanningsale en hoegenaamd nie huislede in ag neem wat die tee en koerant betref nie.

### KURSUSGANGERS PLA

Dames is ongelukkig daaroor dat hulle, ten spyte daarvan dat hulle 'n volle jaar se losies betaal, gereeld gedurende vakansies die koshuise moet ontruim vir ewige kursusgangers. Hul voel ook dat boetes, veral vir eerstejaars, darem soms te erg is en dat hulle graag naweke vanselfsprekend laatverlof wil hê. Die HK-lede moet tog in elk geval wakkerbly.

### RADIO MATIE

Radio Matie is wonderlik en baie welkom in ons koshuise, **maar dis net jammer dat ons nie 'n wóórd kan uitmaak wat die omroepers sê nie.**

Daar gaan ook 'n groot smeking op of weeklikse sokkies nie 'n bietjie langer kan wees nie. Om baie ver te loop vir slegs 'n halfuur, is net om jou voete heelaand onder die lessenaar te laat tydhou en niks anders uit te voer nie.

'n Mens sou nog lank in hierdie trant kon voortgaan en ek glo dit is begryplik, maar dames moet tog onthou dat hulle nie hééltemal by die huis is nie. **Sommige soek regtig hard na iets om oor te kla – bloot uit gewoonte.** Kom ons wees weer 'n slag positief.


## B.Sc.
## (Ing./Chem./Fis.)

**Vrydag, 31 Augustus**

Vandag geniet jy, as student in Ingenieurswese, Chemie of Fisika, die unieke geleentheid om op 'n tydstip te gradueer wanneer jou talente en opleiding jou die grootste beloning in jou lewe kan besorg — aktiewe deelname aan die ontwikkeling van *kernkrag* om aan die wêreld se energiebenodigdhede vir môre te voldoen.

**Dr. Jan Louw en mnr. Kobus Smit sal vanaf 10h00 tot 15h00, Vrydag, 31 Augustus in Kamer 209, Buro vir Studentevoorligting, Ingenieursgebou beskikbaar wees om die belangrike rol wat jy in dié dinamiese en snelontwikkelende bedryf kan speel, te verduidelik.**

UKOR

Uraanverrykingskorporasie van Suid-Afrika Bpk.

KMP Werwing 2896


# KOSHUISKOS NIE ALTYD VOLDOENDE

**D**IE vraag het by *Die Matie*-redaksie ontstaan of die standaard van koshuiskos werklik so laag is soos wat algemeen beweer word. 'n Meningsopname is by verskeie dameskoshuise gemaak.

Die grootste struikelblok is blykbaar die dieëtkundiges. **Wanneer klagtes ingedien word, is die standaard-verweer dat daar opgetree word volgens die dieëtkundiges se voorskrifte.** Wie is die dieëtkundiges, waar is hulle en wat doen hulle? Die algemene gevoel in die dameskoshuise is dat hulle graag dié deskundiges se kant van die saak sou wou hoor.


### FLOUS-KOS

Nog 'n algemene vraag is wat van die kos word wat oorbly na maaltye. "Second helpings" word skaarser en skaarser. Die bediendes sê dat hulle nié die orige kos mag saamneem huistoe nie. **Is dit dalk die rede vir die baie "stews" wat voorgesit word? Tamatiesous wat met asyn gemeng word en poeiermelk met meer water as poeier, flous die dames glad nie.**

Verlede jaar het Harmonie suksesvolle proefnemings gemaak met die koeponstelsel. Die belofte is gemaak dat dié stelsel deurgevoer sal word na ander koshuise. Nou wonder die dames hoe lank die adminstratiewe reëlings nog gaan sloer, veral gesien in die lig van die huidige ekonomiese klimaat.

Manskoshuise se porsies is groter as dames s'n, en daar word met middagete brood en sop voorgesit. Tog word dieselfde fooie betaal . . . Baie dames het opgemerk dat betekenisvolle blikke na hulle figure gegooi word deur die kostannies wanneer klagtes oor kos gemaak is. ***Een* viskoekie vir aandete op 'n Vrydagaand is sekerlik tog te min vir 'n aktiewe sokkiejoller? Spinasie as groente van die dag én dan daarby koolslaai, dui op slegte beplanning en 'n tekort aan oorspronklikheid.**


Nouja, die ou koshuisliedjie lui mos– "As ek vrek van die lewe in die koshuis en die wurms krioel in die jam . . ."



*"Pa se piesangblaar moet nou mooi soet bly, hoor. En onthou tog om altyd ál jou kossies op te eet . . ."*

# Reëls en Regulasies word (soms) aanvaar

**O**NS het die afgelope tyd by 'n paar van die prinsipales van dameskoshuise gaan kersopsteek omtrent reëls wat in die koshuise toegepas word en watter probleme by die toepassing daarvan ondervind word. Sonder uitsondering was die antwoord dat daar baie selde probleme ondervind word met die toepassing van reëls en dat die dames die reëls geredelik aanvaar.



Die owerhede probeer die reëls in die koshuise baseer op gesindhede en goeie maniere om die saamwoon van soveel mense onder een dak te vergemaklik. **Daar word dus daarna gestreef om die gees van die reël eerder as die letter daarvan toe te pas.** Ons is daarvan verseker dat die dames die regte gesindheid het, en indien daar probleme kom, te alle tye die owerheid se punt probeer insien.

### KANALE

Die universiteitsowerhede probeer ook te alle tye die dames tegemoet kom. Met die verloop van jare is die regte kanale geskep waardeur die studente die owerhede kan nader as daar probleme is en dié is daar wel, byvoorbeeld die reël dat mans die dameskoshuise om half twaalf moet verlaat. Na deeglike ondersoek is daar besluit om die reël nie te verander nie. **Deur die regte kanale te gebruik, kan en het, die studente al veel vermag. Ook binne die koshuis is die prinsipales altyd bereid om 'n uitsondering te maak as die versoek nie onredelik is nie.**

Die grootste motivering vir die instelling van reëls is dat ouers van die studente dit vereis. Die universiteitsowerhede tree in loco parentis op. Dit moet dus beskou word as 'n deel van 'n proses waarin 'n dame al hoe meer vryheid verkry voordat sy op haar eie voete moet staan.

### VERSKIL

Daar word gesê dat die reëls glad nie as streng beskou moet word nie. 'n Mens is trouens hier om te studeer en in die tweede plek om jou sosiale lewe te geniet.

Daar is wel dames wat kla en weerstand bied teen reëls, maar hulle is blykbaar in die minderheid. Om die waarheid te sê, hulle kom in groepe voor of te wel "klieks".

Die dames wat direk uit skoolkoshuise kom, beskou hulself nou as volwasse en wil daarvolgens behandel word. Sommiges buit dit egter uit as die leisels afgewerp word. Daarom moet die eerste jaar in sy geheel as 'n oriëntering beskou word. Sò word dan gepoog om die dames die regte, gebalanseerde studentelewe aan te leer.

**Een van die oorsake waarom reëls betwyfel word, is omdat daar 'n vergelyking getref word tussen Afrikaanse en Engelse universiteite. Dit behoort nie gedoen te word nie want elkeen besit sy eie identiteit.** Elke identiteit het immers sy eie eienskappe en daar sal na 'n ander een gesoek moet word as die eienskappe nie voldoen nie. Damesstudente kom na Stellenbosch in vrye wil en moet hulle dus maar vereenselwig met die moets en moenies van die koshuise.

# IS ARISTEA DIE ANTWOORD?

**P**RIVAATWOON **of koshuis?** Deesdae is dit veral vir die damesstudente 'n belangrike besluit. Te oordeel aan die groeiende ledetal van die engiste privaatwyk vir dames, Aristea, is privaatwoon 'n gunstige oorweging. Maar is dit werklik meer voordelig?

In elke opsig is daar voordele en nadele aan verbonde. Om finansieël voordeel te trek hang van bepaalde omstandighede af. Woonstelle op Stellenbosch is buitensporig duur. Die kamers, is goedkoper indien dit enigsins bekom kan word.

### MAALTYE

Die voordeel van 'n woonstel is dat 'n mens in staat gestel word om jou eie maaltye te kan berei. **Dan kan 'n mens ook ten minste eet wanneer en wat jý wil. Dit is veel makliker om die kos op jou eie manier te berei om by jou eie behoeftes te pas as om te probeer inskakel by die roetine van 'n koshuis.**

Die dames wat in kamers woon eet gewoonlik in die LSS. Die nadeel is dat 'n mens nie altyd gebalanseerde kos eet nie, maar eerder iets om die honger te stil.

**Salig is die feit dat Aristea nie onderwerp is aan reëls soos inkomtye, uitteken, boetes, ens. nie. Dit wek 'n gevoel van vryheid as jy nie soos aspoestertjie moet terugjaag om betyds by die koshuis te wees nie.**

Een groot nadeel van privaatwoon is dat baie mansstudente onder die indruk verkeer dat hulle enige tyd van die dag of nag by jou kan opdaag. **Die gunsteling kuiertyd is na elf in die aand nadat die dameskoshuise gesluit het.** Meneer is teen daardie tyd nog glad nie uitgekuier nie en wil nog sy sjarme op 'n ander plek rondgooi.

Wat koshuisaangeleenthede betref is Aristea net so bedrywig soos enige ander koshuis. Aristeadames ondersteun al die bedrywighede (behalwe die huisvergadering) net so geesdriftig soos by enige ander koshuis.

Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom is dat privaatwoon baie gunstig vergelyk met die lewe in koshuise. 'n Meisie se bepaalde behoeftes en ingesteldheid bepaal egter of sy 'n sukses daarvan gaan maak.

**Die Matie**
Donderdag, 23 Augustus, 1979

# Die Pad Vorentoe

HARTLIK geluk aan dertien nuwe SR-lede. *Die Matie* wens almal sterkte toe vir die komende termyn – daar is baie uitdagings wat lê en wag. Dit is veral verblydend om te sien dat vyf lede uit die vorige termyn herkies is. Die aanvoorwerk vir talle projekte is reeds gedurende die afgelope paar maande gedoen; die *ouer garde* kan grootliks kontinuïteit behou.

Miskien is dit nou die regte tyd om enkele van die kernvraagstukke wat dringende aandag van die pasverkose Studenteraad sal verg, uit te lig. In dié verband kan ons veral aan drie dink: die verslag van die kommissie van die Studenteparlement waarin riglyne neergelê word vir 'n toekomstige bedeling vir Suid-Afrika; inter-universitêre skakeling met die moontlikheid van 'n oorkoepelende studente-organisasie; en natuurlik: die herstrukturering van die Studenteraad.

Die SP-verslag was oorspronklik bedoel om die breë gedagterigting van Stellenbosch weer te gee. Mettertyd het daar 'n klemverskuiwing ontstaan en uiteindelik kan die verslag beskou word as 'n akademies gefundeerde werkstuk wat eerstens kan help om riglyne te gee vir verdere bespreking en ondersoek en tweedens feitelike inligting te verskaf. 'n Studenteparlementsmosie, wat die verslag ondersteun, is met 'n oorweldige meerderheid aanvaar. Die nuwe Studenteraad sal binnekort daarvan moet kennis neem. Die inligting wat in die verslag vervat word, is nog onderhewig aan goedkeuring van die SR alvorens dit vir publikasie beskikbaar gestel kan word. Die besluite rondom hierdie mosie sal 'n waardevolle barometer wees van die algemene gevoel onder die Raadslede.

Na 'n jaar waarin die vorige SR taamlik vergeefs gespartel het om Stellenbosch uit sy geïsoleerde posisie te kry, sal dit die nuwe Raad se plig wees om so gou moontlik van inter-universitêre skakeling werk te maak. Die moontlikheid van 'n oorkoepelende studente organisasie het reeds sy embrio-stadium bereik. So 'n organisasie behoort nie taal- of rasgebonde te wees nie en behoort vir alle gematigdes binne die Suid-Afrikaanse konteks 'n heenkome te bied. Dit is nog nie seker of so 'n organisasie informeel, op 'n individuele vlak moet funksioneer en of dit meer sinvol sal wees om kampusse as geheel te betrek nie. Dusver is daar nog nie veel in hierdie verband gedoen nie. Heelwat tyd en energie sal nog hieraan bestee moet word.

Die laaste dringende vraagstuk is die herstrukturering van die SR. Dit is algemeen bekend dat dertien lede nie genoeg is om die administratiewe verpligtinge van die Raad na te kom nie. Die liggaam behoort uitgebrei te word sodat lede hul administrasie met gemak kan behartig en steeds die-geleentheid sal hê om aan politiek (veral studentepolitiek) deel te neem. Dit word verwag dat die ledetal van dertien tot vyftien uitgebrei gaan word.

Daar moet ook aandag gegee word aan die kiesstelsel, veral ten opsigte van die Sirkus. Die massa takseer 'n kandidaat maklik op sy vertoning by die monstervergadering. Dit het soms 'n uiters onregverdige uitwerking met verrykende gevolge vir sekere bekwame kandidate.

Stellenbosch verwag aksie. Die SR-lede het hulle bereid verklaar om diens te lewer aan die studentegemeenskap. Kom ons vertrou dat Stellenbosch vanjaar sy leiers reg gekies het.

## REDAKSIE 1979

**HOOFREDAKTEUR:** KOBUS PIENAAR, Concord 24 (tel 73845)(Redaksiekantoor tel nr 5979)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** COENRAAD PIETERSE, Eendrag (tel 2136/7/5)
**AKTUELE REDAKTEUR:** FRANCOIS VAN DER MERWE, Huis Marais (tel 2234)
**ADVERTENSIE BESTUURDER:** PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (tel 2101)
**TAALREDAKTEUR:** KOBUS LOUW, Huis Slabber (tel 2100)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** LEROI STEENKAMP, Dagbreek (tel 3633)
**KUNSREDAKTEUR:** ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 (tel 6330)
**NUUSREDAKTEUR:** ANTON KRUGER, Jonkershoekweg 29 (tel 3527)
**SOSIALE REDAKTEUR:** IAN THERON, Silvertrees (tel 2122)
**SPORTREDAKTEUR:** ARI OBERHOLZER, Majuba 305 (tel 2010)
**SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR:** K. SIEBERHAGEN, Eendrag (tel 2101)
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** J. DE V. PIENAAR, Huis Visser (tel 2086)
**SUB-REDAKTEUR, NUUS:** DEON LOUBSER, Stellenbraak en A.D. VAN NIEKERK, Hoflaan 12 (tel 5243)
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** E. UYS, Eendrag (tel 2101)
**SUB-REDAKTEUR, SPORT:** ANNE-LISE LAMONT, Nemesia (tel 7150) en B. ZIETSMAN, Eendrag (tel 2101)
**HOOFFOTOGRAAF:** MARIUS GREEFF, Van Riebeeck 40 (tel 4349)
**INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** J.J. Nortier, S.F. Saaiman, D.M. Jacobs, H. Greyling, F.du Bois.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** L. Maas, A. Roussouw, L. Jacobs, R.M. Sater, K. Vermeulen, E. van Niekerk.
**NUUSVERSLAGGEWERS:** F. de Jager, J.W. Roos, P. Stais, P.van Niekerk, R. Kotzé, C.L. van Schalkwyk, T. Swart, J.A. Marais, C.F. Nicholson.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** A.J. Mouton, L. Odendal, K. Herselman, M. Alexander, C. Engelbrecht, A. du Toit, P. du Toit, R. Loubser.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** H. Volkman, N.E. Lambrecht, E. Lourens, A. Viljoen, J.E. van der Spuy, J.J. Spamer, H. Oosthuizen.
**SPOTPRENTTEKENAARS:** Thomas Tyler, Koos Botha.
**FOTOGRAWE:** W. van der Westhuizen, C. Sippel, C. Fouché.
**SEKRETARESSE:** SANDRA VENTER, Mooi Annie, H/v Bosman en Victoriastr (tel 6523)

# Uit die Studenteraad




FRANCOIS VAN DER MERWE

DIE vorige week was verkiesingstyd op Stellenbosch. Oral het ywerige kandidate die ewe ywerige vrae van geïnteresseerde studente beantwoord en is die kanse en meriete van die wat hulle reputasies op die openbare verhoog wou plaas, druk bespreek. Die uitslag van verlede Woensdag se verkiesing is nou reeds ou nuus en al wat oorbly is om die suksesvolles hartlik geluk te wens met hulle verkiesing. Slegs ons beste wense gaan aan Hilgard Bell en sy nuwe SR met die bede dat hulle 'n suksesvolle en genotvolle termyn sal beleef.

'n Woordjie van dank en vertroosting kom egter ook die onsuksesvolle kandidate toe wat bygedra het tot 'n interessante en lewendige stryd om die eerste dertien plekke. 'n Mens vertrou dat hulle nie nou alles sal laat vaar nie, maar nog steeds sal streef om Stellenbosch op onbaatsugtige wyse te dien op die vele terreine waarin hulle hulself in die verlede onderskei het.

**Die nuwe SR het 'n groot verantwoordelikheid. Nie alleen neem hulle oor van 'n lewendige en suksesvolle vorige SR nie, maar sal toenemend moet streef om die SR relevant vir die studentemassa te maak. Die steeds groter studente-apatie wek kommer en kan nie geignoreer word nie.** Myns insiens gaan die sukses van die nuwe SR grootliks gemeet word aan die mate waarin dit sinvol vir en van die studente-unie gaan wees. Dit sou egter verkeerd wees om hierdie bloot as 'n eensydige verantwoordelikheid te sien. Dieselfde onus rus ook op die studentemassa nl. om kennis te neem van die leiding van die SR en veral positief te identifiseer met die ideale wat die SR mag nastreef.

In hierdie opsig wil ek graag glo dat met die verkiesing nou agter die rug, SR-lede die beste belange van die studente-unie altyd vooraan sal stel en sal besef dat eie-belang geen plek het in die vertrouensposisie waarin hulle geplaas is nie. **Die SR sal sinvol moet funksioneer as 'n eenheid, ondergeskik slegs aan die hoogste ideale van Stellenbosch en sy studente. Dit sal goed wees as die nuwe SR en elke SR-lid individueel hierdie ideale duidelik vir homself sal identifiseer en daarvolgens handel.**

Ons sien uit na 'n interessante en opwindende SR-termyn en glo dat die nuwe SR elke bietjie steun van die studente-unie verdien. Die nuwe SR kan voorwaar met vertroue sy termyn tegemoet gaan.

### VERKIESING

Ten slotte net enkele opmerkings oor die verkiesing self: dit is jammer dat die stempersentasie laer is as verlede jaar en nou ook onder 50% geval het. Dit is 'n verdere simptoom van die toenemende studente-apatie. Vir die SR om werklik verteenwoordigend te wees, moet dit so 'n groot en wye stem as moontlik van die studente-unie dra. Anders loop ons die gevaar dat die SR alle relevansie sal verloor en bloot 'n drukgroep vir sekere elemente op die kampus sal word. Hierdie verskynsel is reeds duidelik by baie Engelstalige universiteite.

### ONDERVRA

Dit was ook teleurstellend dat so min studente die kans gebruik het om die kandidate werklik goed polities te ondervra. 'n Gebrek aan die nodige kennis en sensitiwiteit van die kant van die vraestellers kan natuurlik ook hiervoor verantwoordelik wees, maar dit is nietemin duidelik dat ons met die verhoogde politieke rol van die SR veel meer aandag aan hierdie aspek van kandidate se meriete sal moet wy. Met verloop van tyd sal Maties seker ook hierin gekonfyt raak.

# Ons moet vinniger verander

*MATIE – GESPREK*

FRANCOIS VAN DER MERWE GESELS MET



DR. WILLEM DE KLERK

DR. **Willem de Klerk**, redakteur van *Die Transvaler* en bekende politieke kommentator, was onlangs op Stellenbosch waar hy 'n SAAK-vergadering toegespreek het. **Francois van der Merwe** het by hierdie geleentheid sy opvattings oor 'n aantal aktuele sake verneem.

*Hoe relevant is die politieke menings en bedrywighede van studente in die geheel van Suid-Afrikaanse politiek?*

Studente-politiek is relevant, maar 'n mens moet die relevansie daarvan mooi onderskei. Ek glo persoonlik dat studente nie hulself moet probeer organiseer as 'n soort drukgroep nie. Dit is nie hulle eerste taak nie. Eerder is studente-politiek 'n klankbord van studente-mening, werk dit menigvormend in en is daar 'n soort van frisheid en jeugdigheid en soms 'n verrassendheid in studente se siening van aktualiteite wat vrugbaar kan inwerk. Ek dink egter nie dat 'n student die werklik georganiseerde politiek moet betree nie.

*Sou studente-deelname aan politiek dus hoofsaaklik as 'n leerproses gesien kan word?*

Ek meen so, ja. 'n Student kan onmoontlik al politieke rypheid bereik het. Daar is in die politiek soveel dinge wat geweeg moet word dat dit geensins simplisties is nie. 'n Student, kragtens sy student-wees, is geneig om baie teoreties en filosofies na problematiek te kyk. Ek sien myself eerder as 'n filosofiese joernalis as prakties sodat ek nie noodwendig probleme met hierdie benadering het nie. Ek voel egter dat 'n student nog nie die nodige rypheid het om werklik gesagvolle politieke uitsprake te maak nie.

### VERKRAMP

Van die os op die jas – ek vind dat studente-uitsprake dikwels onsettend verkramp is. 'n Mens is soms geskok om studente se benadering oor die politieke aktualiteite te hoor. En terwyl jy sou verwag dat studente al 'n bietjie verder ontwikkel het in politieke visie, kom hulle soms met 'n remmende houding. Die ASB was 'n uitsondering hierdie jaar.

*Ons vind op studente-vlak dat die anderskleurige jeug totaal onwillig is om met ons in gesprek te tree. Tog skyn dit of daar meer en meer gespreks-kontak tussen Afrikanerleiers en hulle anderskleuriges eweknieë plaasvind. Wat voorspel hierdie neigings?*

Ek dink die gesprek tussen die Afrikaner en anderskleuriges is op hoë vlak baie sterk op dreef. Dit is egter 'n onlangse tendens – vier of vyf jaar gelede was ons nog baie stram om kontak te maak in gesprekke. Dit het egter deurgebreek en nie net op kulturele vlak nie, maar ook tussen politici en beroepsmense is daar heelwat dialoog. Dit lyk egter vir my en hulle leiers erken dit ook, dat die swartjeug, of te wel, eweknieë van die blanke student, glad nie gewillig is om dialoog te voer nie. Dit wek kommer want hulle is die toekomstige geslag. Die troos is egter dat daar op 'n sekere ouderdom meer 'n tendens is om te radikaliseer en absoluut ja of nee te sê. Swart studente wat 'n bietjie ouer word kan hulself miskien oor vyf jaar of wat meer oopstel vir dialoog.

*Stellenbosch het onlangs weer die beginselskeiding tussen Afrikaans- en Engelssprekende kampusse gesmaak. Is hierdie verskynsel nog kennend van die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel en wat voorspel dit vir ons vir die toekoms?*

Ek is bang om te veralgemeen, maar sou tog sê dat die ou verdeling tussen Afrikaner en Engelsman wat betref sy politieke sentimente, nog nie oorwin is nie. Op die grense het daar miskien Afrikaners oorgeskuif na die tradisioneel Engelssprekende gedagtewêreld en 'n klompie Engelse na die Afrikanerwêreld. Wat die groot massas betref, bly die skeiding egter nog wat politieke benadering betref. Persoonlik bejammer ek hierdie feit. Ons het op 'n stadium amper die historiese verdeling oorkom, maar as daar iets gebeur, val die mense weer terug. Die Inligtingskandaal het byvoorbeeld 'n dreinering van Engelse steun aan die N.P. ten gevolg gehad.

### ALLIANSIES

**In die toekoms sal ons nie net oor taal- en kultuurgrense nie, maar ook oor kleurgrense moet gaan wat ons politieke groepsvorming betref.** Ek wil nie sê dat ons almal aan dieselfde party moet behoort nie en dat die N.P. hom sal moet oopstel vir bruin- en swartes nie, maar dat alliansies eendersdenkendes oor die kleurgrens bymekaar moet monster met 'n gemene stel ideale en politieke uitgangspunte.

*Is daar rede vir tevredenheid met die koers waarin en die tempo waarteen die Afrikaner op die oomblik polities beweeg en verander ons genoegsaam?*

Ek is persoonlik baie gelukkig met die koers wat ons nou inslaan – dit is 'n koers waarvoor ek alreeds lank aanvoeling gehad het en bepleit het. Wat die spoed of tempo betref, dink ek dat ons nog vinniger sal moet gaan. Ons het genoeg voorbeelde rondom ons, bv. Zimbabwe-Rhodesië en Suidwes-Afrika, dat die tyd van geleidelike politieke evolusie in Afrika en in die hele stemming van die internasionale wêreld verby is en dieselfde geld ook vir die stemming van ons eie bruin- en swartmense. **Ek dink dus dat wat die tempo betref, kan ons nog 'n bietjie vinniger spring en ek het in hierdie opsig besondere aansluiting by die styl van mnr. P.W. Botha wat op hierdie stadium die indruk wek van die huiwerig te wees om vinnig sekere bewegings te maak nie.**

*Ten slotte, sou u vandag 'n student wou gewees en hoe sou u opgetree het?*

Ek sou verskriklik graag weer 'n student wou gewees het, net om weer jonk te wees en die hele wêreld voor jou te hê. Ek is nou al op 'n stadium waar die skof agtertoe groter is as die skof vorentoe. Sou ek vandag student gewees het in ons politieke situasie, sou ek baie openlik en baie sterk geagiteer het vir 'n veranderde bestel in Suid-Afrika wat heelwat verder gaan as wat ons huidige geslag bereid is om te gaan en dink daar gegaan moet word. As ek **dit konkreet moet stel, dan sien ek eerlikwaar dat ons hele beleid radikaal gewysig sal moet word. Vir my behoort daar net een beginsel te wees en dit is dat ons moet probeer om veelvolkigheid in hierdie land te handhaaf, te kanaliseer en te koördineer.**

# AFRIKAANSE KOERANT WORD 'N SLAANSAK—*De Klerk*

DIE Afrikaanse koerant het 'n slaansak vir almal geword: wanneer ons na die spanning tussen pers en politiek kyk, moet ons daarop let dat die instellingspunt van die twee verskil. Dr. Wimpie de Klerk, redakteur van *Die Transvaler,* was die spreker op die SAAK-vergadering van 7 Augustus. Die onderwerp was: *Pers en Party-Politiek.*

Die politikus praat graag alleen, terwyl die koerant wil saampraat. Die politiek wil nuus ondersoek. Die koerant wil nuus meedeel. Die politiek wil nuus manipuleer tot sy eie voordeel, maar die koerant wil nuus aanjaag, ook tot sy eie voordeel. Die politiek propageer sy doelstellings, terwyl koerante probeer om dinge in 'n bepaalde perspektief te stel. Die politiek wil net die standpunt van die beleid inhamer. Die koerant is 'n kaleidoskoop met verskillende aksente.

**Daar is geen kliniese objektiwiteit in die pers nie. Elke koerant se kommentaar is gekleur met die filosofie van daardie betrokke koerant. Die hantering van die feite is altyd onderworpe aan subjektiwiteit.**

Al die Afrikaanse koerante het hulle verbind aan die Nasionale Party se beleid. Politici het egter nie meer so sterk inspraak in die standpuntstelling nie. Hierdie emansipasie bly steeds 'n stormagtige proses waarteen baie weerstand gebied word.

### POLITIEKE FILOSOFIE

Die Afrikaanse koerant het egter hulle geloofwaardigheid en vryheid behou deur selfstandige politieke joernalistiek. Hulle integriteit is ook bewys deur te bly by die Afrikaanse politieke filosofie.

Binne hierdie raamwerk tree die koerant as gespreksleier op: tussen owerheid en onderdane, in die volk se onderlinge gesprekke en met die politieke teenstanders. Die koerant is die vertolker van geregverdigde besware. **Hy is baanbreker om met logiese argumente die weg te berei vir die ontplooiing en vernuwing, verandering of regstelling van politieke opvattings. Die koerant is die aanklaer van die mense wat met gesindheid, woord en daad die beleid verkeerd vertolk.**

As 'n koerant hierdie funksies wil verrig, moet hy oop wees vir kritiek, mits die kritiek ook van geloofwaardigheid en integriteit getuig.

### SPANNING

Omdat daar te veel mense is wat nie die koerant se funksie as gespreksleier aanvaar nie, het die spanning tussen die koerant en sy lesers baie toegeneem. Dit word vererger deur die verskillende aksente wat binne 'n party soos, byvoorbeeld, die Nasionale Party na vore kom.

Alhoewel die koerant gekritiseer word oor sy aanvegbare politieke stellings, het hierdie stellings een na die ander beleid geword. Die regering se nuwe grondwet van eie seggenskap en mede-seggenskap teenoor isolasie is 'n goeie voorbeeld. Die koerant het 'n beslissende rol in die rypmaking van owerheid en onderdane vir hierdie stappe gespeel. Die koerant het egter nie die beleid gemaak nie, want dit is nie sy funksie nie.

Die Engelse koerante beskou perspatriotisme as die demper wat daar op die kritiek teen die Nasionale Party se beleid of leiers geplaas word. Die positiewe en negatiewe moet egter in beriggewing weerspieël word. Die verantwoordelikheid teenoor Suid-Afrika moet in elke berig bo kleinlike motiewe geplaas word.

## *Neem Kennis*

**Die sportredaksie wil net daarop wys dat na afloop van die Koshuiswedstryde op Vrydagmiddae, die Onthaallokaal by die Jannie Maraishuis vir alle studente oop is en nie net vir rugbyspelers nie.**

EENDRAG Besprekingskring.
Die suksesvolle ontplooiing van die totale arbeidsmag is die spil waarom die toekoms van S.A. draai.
Min. S.P. Botha. Don. 28 Aug. Nedbanksaal. Almal welkom.




*Andries Calitz, lid van die Studenteraad, is onlangs verkies tot president van die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente.*

# Safuis - President 'n Stellenbosser

DIE 21ste nasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente het van 9-13 Julie by die Universiteit van Kaapstad plaasgevind. By hierdie geleentheid is Andries Calitz, sekretaris van die plaaslike Ingenieurstudenteraad, verkies as die nuwe president van SAFUIS. Gerhard Claassen, ook van Stellenbosch, is die nuwe vise-president (finansieël).

SAFUIS is die koördinerende liggaam van ingenieurstudenterade op die kampusse van die universiteite van Stellenbosch, Natal, Kaapstad, Pretoria en die Witwatersrand. Die rol van hierdie liggaam dek ingenieursaktiwiteite soos die trapkarwedrenreeks, skoliere-winterskole, simposia vir ingenieurstudente, referaatkompetisies en oorsese vakansiewerk.

### SEWENTIG OORSEE

Sowat sewentig Suid-Afrikaanse studente gaan jaarliks by oorsese ingenieursinstansies werk, terwyl plaaslike werkgeleentheid aan dieselfde aantal oorsese studente gebied word. Verder geskied skakeling met die Weermag, professionele ingenieursliggame en die industrie om die belange van ingenieurstudente en -graduandi te verteenwoordig.

### SALISBURY

Mnr. Calitz sal gedurende sy ampstermyn ook die vergadering van die Konfederasie van Ingenieurstudente in Afrika in Salisbury bywoon.

# *TOONBANKKNOPPIE VERVANG —POPPIE*

BINNEKORT sal toonbankdienste in poskantore, banke en bougenootskappe nie meer bestaan nie.

Elektroniese fasiliteite sal 'n mens in staat stel om met slegs die druk van 'n knoppie inligting te versend of te bekom en betalings te doen of kontantgeld te trek.

Die Departement van Pos en Telekommunikasie bied jaarliks vyftig beurse van R1 800 elk aan. Hul benodig nog vyftig elektroniese ingenieurs en rekenaarswetenskaplikes om bogenoemde ideaal te verwesenlik.

### TELETEKS

Daar bestaan reeds hoogs moderne apparaat waarmee selfs onopgeleide persone kitsoorsendings kan doen. Die "Teleteks" voeg die korrespondensie, kantoorwerk en telekommunikasie van groot ondernemings in een proses saam. Hierdie masjien skakel rekords van kantoorwerk heeltemal uit. Die masjien berg 'n afskrif van alles in sy geheue.

Verbruikers sal binnekort van die telefoon-met-videotoestel gebruik kan maak om hul aankope te doen. Hierdie toestel stel hul in staat om hul bestellings by supermarkte te maak én daarvoor te betaal. Ontsaglik baie brandstof sal op die manier bespaar word. Net een voertuig is nodig om die mense se kruideniersware te gaan aflewer.

Die Poskantoor se Telektroniese Instituut ondersoek ook die moontlikheid van telekonferensies. Besige sakemanne kan hiermee duur reis- en verblyfkoste uitskakel. Die konferensiegangers kan mekaar sien en hoor terwyl hul honderde kilometers van mekaar is.

Persone wat in bogenoemde werk belang stel, kan skryf aan die Senior Direkteur (S), P en T-Hoofkantoor, Pretoria, 0001. Beursaansoeke moet voor 30 September gedoen wees.

## Loopbane


'n GROOT omvattende loopbaanuitstalling wat vanaf 13-18 September vanjaar in die Langenhoven Studentesentrum gehou word, is deel van die universiteit se bydrae tot Stellenbosch se drie-eeufees.

Hierdie onderneming, wat 'n gesamentlike poging van die Buro vir Studentevoorligting en die departement van Ontwikkeling is, staan onder leiding van die vise-rektor, prof. Roux de Villiers.

Die uitstalling geniet wye steun vanuit alle oorde. Volgens die organiseerders neem 35 verskillende instansies en groot werkgewersgroepe daaraan deel. Dìt blyk dat organisasies soos Yskor, Sasol, Dorbyl, die Krygstuigraad met al sy filiale, Sanlam en Ou Mutual groot planne vir die uitstalling het.

Interessante uitstallings is ook beloof deur Kaapland se Onderwysdepartement, die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die Suid-Afrikaanse Polisie, die Poskantoor, Kaapland se Hospitaaldienste en die Staatsdienskommissie.

Hierdie loopbaanuitstalling is die grootste van sy soort wat nog in Wes-Kaapland aangebied is. Dit beloof om 'n unieke geleentheid vir werksoekers van die jaar 80 te wees.



**JOHAN NAUDÉ**
**Karnavalvoorsitter**

# *KARNAVAL 1980 VOL NUWIGHEDE*

KARNAVAL '80 sal voortbou op die fondament van die verlede: debutantes, Akkerjol en motorkompetisie. Tog sal daar genoeg nuwighede wees, sê Johan Naudé, karnavalvoorsitter.

Dit word sterk oorweeg om mej. Matieland vanjaar reeds te kies. Kandidate is volgens mnr. Naudé meesal eerstejaars, wat nog nie genoeg van Stellenbosch weet nie, wanneer mej. Kampus al gekies word. 'n Eerstejaarmeisie het selde reeds genoeg persoonlikheid ontwikkel om 'n suksesvolle skakelbeampte, wat eintlik mej. Matie se taak is, te wees.

### BRANDSTOF

Die brandstofkrisis gaan karnaval beinvloed. Die vlotoptog deur Bellville en Kuilsrivier sal nie weer plaasvind nie;. Die trompoppies kla boonop dat hulle verlede keer seervoet, van die lang stap deur Bellville, in Stellenbosch aangekom het. Johan Naudé voel dat Stellenbosch en sy mense nie afgeskeep moet word nie. Hulle lewer immers die grootste bydrae.

Die karnavaldans in Goodwood sal ook na Stellenbosch verskuif moet word, om petrol te bespaar.

Radio Matie sal met Karnaval '80 vir die eerste keer as volwaardige lid van die karnavalspan betrek word.

**Die Folk-musiekfees, wat in die verlede op die Jan Marais-plein gehou is, sal na die Gat verskuif word. Op dié manier wil die karnavalkomitee beter kontrole oor die fees uitoefen, veral oor moontlike drankmisbruik.**

Die karnavalkomitee gaan probeer om die oproerige gedrag wat soms in die verlede kop uitgesteek het, te verhoed. Pryse in die vorm van drank by die kermis is van die baan, maar die georganiseerde interkoshuis "snelsuip" of "boat race" sal weer plaasvind.

Oor die tema vir Karnaval '80 is nog nie besluit nie. Die voorsitter, Johan Naudé, voel hoe meer 'n student vir karnaval werk, hoe meer sal hy dit geniet.

Hy sien die twee weke van karnaval as 'n beloning en 'n hoogtepunt op die enorme spanpoging wat binne die volgende twee weke begin.

# Foto's Puik!

"ALHOEWEL daar vanjaar minder foto's ingeskryf is as verlede jaar, is die gehalte baie hoër," het mnr. Trevor Roberts, konvenor van die uitstalling, gesê.

Daar is ongeveer 270 swart-en-wit foto's en 260 skyfies vir die kompetisie ontvang. Dit is egter nog min in vergelyking met die aantal fotograwe op die kampus. Slegs nege-en-sestig studente het foto's ingelewer. Die twaalf meriete-toekennings beklemtoon die uitstaande gehalte van die fotograwe.

Die belangstelling onder die studente was baie goed en sowat 6 000 het die uitstalling besoek. Daar moet nog meer studente self deelneem, veral aangesien daar verskeie aanloklike pryse op die spel is, het mnr. Roberts bygevoeg.

### BEOORDEEL

Mnr. Colin Edwards het as hoofbeoordelaar opgetree. Hy is bygestaan deur mnre. Johan Stander, Christo Botha en Willem de Kock. Die onderskeie pryswenners in die verskillende kategorieë is as volg:

**SKUIFIES:**
Sonsondergange: Gert Hattingh
Natuur en landskappe: Johan Steyl
Mense en gesigte: Pieter Louw
Varia: Tjaart Theron
Algehele wenners:
Brons: Gert Nieuwoudt
Silwer: David Frost
Goud: Leon Traut

**FOTO'S:**
Aksie: Be[illegible] Buys
Mense en gesigte: Berni Buys
Landskappe: Trevor Roberts
Varia: Marc Degenaar
"Fashion and glamour": Rudolph Young
Eksperimenteel: Kundra Malherbe
Algehele wenners:
Brons: Johan Steyl
Silwer: Leon Jansen
Goud: Marc Degenaar

### KAAPSTAD

Die uitstalling was 'n groot sukses, maar het nou verskuif na die Shell-galery, Kaapstad. Studente wat die uitstalling op Stellenbosch misgeloop het, kry dus nog 'n kans om die foto's te besigtig.

# *Voorsorg vir Jongmans*

SANLAM het so pas 'n omvattende en plooibare voorsorgplan vir jongmans bekendgestel. Dit is gegrond op 'n diepte-ondersoek en 'n projeksie van hul versekeringsbehoeftes.

Mnr. Jack van Wyk, die senior hoofbestuurder, sê dat Lanseerplan aan die jongman 'n geleentheid bied om hom vir 'n geringe bedrag te laat verseker. Lanseerplan is saamgestel om voorsiening te maak vir ongeskiktheid, latere kapitaalbehoeftes en faktore soos inflasie. Die jongman kan die plan van tyd tot tyd aanpas by sy werklike behoeftes.

Die plan is die eindproduk van navorsing wat meer lig gewerp het op die tipiese jongman se lewenspaadjie: op watter ouderdom hy trou, wanneer kinders gebore word en wanneer hy huis koop. Lanseerplan maak veral voorsorg om die gaping tussen behoefte en werkgewersvoorsiening te oorbrug.

### STUDENTE

Lanseerplan is gerig op die studentegemeenskap. Sanlam verwag ook steun van die studente.

# perspektiewe en dinge

**WAT gister besluit is, is vandag geskiedenis en môre se probleme. Gister is sirkus gehou, vandag is die kandidate gekies, môre gee hulle ons probleme sodat ons hulle kan kritiseer.**

So erg is dit gelukkig darem ook nie. Maar erg genoeg omdat 'n groot deel tog ontevrede is omdat die kandidate van sy of haar keuse nie ingekom het nie. Wat nou gemaak? Blokvorming en groepvorming, of selfs 'n weerstandsbeweging. O nee, nie een van die drie nie. Maak ons dan nie aanspraak op ons sogenaamde neutrale demokrasie nie? Natuurlik doen ons dit, ja. Is die mense dan nie boonop volgens 'n meerderheidsbeginsel verkies nie? Daar is definitief verskeie gevalle wat hulle nie vereenselwig met die meerderheid nie. Maar vir diesulkes lê die eerste prioriteit daarin om jou samewerking en lojaliteit te gee. As jy nie tevrede is nie, man, daar is baie kanale om jou mening te lug, maak gebruik daarvan. Dit is nie nodig om kritiek te lewer binne 'n eksklusiewe groep nie. Almal stel belang in die briljante alternatiewe wat daar reeds die eerste impetus kry. Maar kritiek terwille van kritiek is net so erg soos kritiek sonder alternatiewe. Elkeen moet toegee, om 'n alternatief deur te voer is baie beslis nie die maklikste op Stellenbosch nie.

### ONAANVAARBAAR

Het u al die indruk gekry hoe maklik 'n nuwe voorstel of alternatief afgeskiet word?

Die mens se verknogtheid aan bestaande instellings en tradisies grens aan bekrompenheid. Voordat ek afgeskiet word, hierdie is bloot 'n ongekwalifiseerde stelling. Gee my net kans om verder te gaan. Moet asseblief nie nou *Die Matie* neersit nie; u kan dit doen sodra u *Perspektiewe en dinge* klaar gelees het. Dankie. Hier gaan ons weer. Die sogenaamde ongekwalifiseerde stelling. Hoekom nie? Andy Young het twee jaar oorleef met dieselfde tipe omstrede stellings. Daar is slegs een verskil — my stelling

**coenraad pieterse**

is ongekwalifiseerd en nie omstrede nie. Die Skim se tweeling is baie meer omstrede. Indien daar sommige is wat nougeset wil wees en die stelling as kontroversieel sien; Andy Young het, of moes na twee jaar bedank. My termyn is net een jaar. U het dus daardie ligpuntjie in die duistere toekoms, alle goeie dinge kom tot 'n triomfantlike einde, so ook my stellings. Liewe leser, ek is nie regtig so verwaand nie, ek gryp maar net elke halm om die kolom vol te kry. Almal is nie so gelukkig om nege en twintig springbokke te skiet en al die plek op 'n polisiebakkie vol te maak nie.

### RUIMTE

Gelukkig het *Die Matie* darem nie altyd 'n probleem om plek vol te maak nie. Somtyds is daar so baie stof dat al die advertensies nie geplaas word nie. Dis wanneer ons so vrygewig raak met "muurposters". Dit staan algemeen bekend as 'n krisis. 'n Krisis is op sy beurt ontleen aan die opposisie, iets soos leierskapskrisisse. Daar is egter geen ooreenkoms in u lanseerplan van die vorige uitgawe en die geykte versinnebeelding van Superman ten opsigte van die agbare opposisie nie. Die plek in *Die Matie* word so nuttig moontlik gebruik om dit vir u so aangenaam moontlik te maak.

### SPELETJIES

Wees net bly die redaksie hou hulle nie besig met ligsinnighede soos Superman en die Skim nie. Indien wel, sou daar 'n wesenlike probleem gewees het. Dit verg 'n persoon met baie kreatiwiteit om die situasie van 'n seun en 'n dogter in die Skim se Skedelgrot te hanteer. Kry u nie die arme voorvaders jammer nie? Geslagte lank het 'n tradisie bly voortbestaan. Nou skielik is alles omver gegooi. Miskien het die tradisionaliste 'n gekwalifiseerde punt beet. Hulle glo aan iets, iets wat baie lank saam met hulle kom. Nou die skielike verandering en ontwikkeling. Die "iets" moet noodwendig swig voor die mag van verandering. Ontwikkeling is destruktief ten opsigte van bestaande instellings, maar die koste daaraan verbonde in vergelyking met die voordele van ontwikkeling is nie noemenswaardig nie.

### TRADISIES

Wat is die iets wat ieder en elk wil beskerm en bewaar, en boonop bereid is om te veg daarvoor. Basies veg die mens vir bekrompenheid. "Semper aliquid novi" — Altyd iets nuut. Baie min is bereid om enige nuwigheid sondermeer te aanvaar of te erken. Die mens het 'n mate van weerstand opgebou teen alles wat nuut ingevoer word. Hierdie weerstand is meer opvallend by die ouer mense en die meer konserwatiewe persone.

Behoudend is egter 'n relatiewe begrip. Dit kan van toepassing gemaak word op allerlei terreine. Om nou daarop in te gaan sal baie vervelend wees. Dis baie meer interessant om tone te trap en dan die verandering dop te hou. Maar om weg te kom daarmee, dit is juis daar waar die subtiele in jou as persoon na vore tree. Dis byvoorbeeld baie maklik om te sê die Nasionale Party is bekrompe. Probeer nou egter om dit so te stel dat jy niemand te na kom nie. Dit moet 'n baie moeilike takie wees. Daar sal altyd die een spesifieke persoon wees wat voel hy is in sy eer as nasionalis gekrenk. Die veiligste is om jouself heeltemal te distansieer van subjektiewe toontrappery.

### QUO VADIS

Miskien word 'n reaksie uitgelok; ek kry jou jammer broer, jy staan alleen in die stryd, jou oorlewingstryd. Die gevolg is 'n oorafskeiding adrenalien en die verwagte oorreaksie op wat jy as doodgewoon bestempel het. **Dis alles ironies man, totaal onrealisties, 'n apatiese studentemassa. Nie eens 'n verkiesingsbelofte wat Vrydag as koffie-dag belowe kon die stempersentasie hoër as 46% kry nie. Wat wil Stellenbosch dan hê? Die mense vra meer politieke betrokkenheid. Van die 250 mosies gedurende die afgelope SR-termyn was slegs 30 van politieke aard. Hoe bring jy die kloutjie by die oor? Die ASB-kwessie word baie sterk verwerp. Maar nie veel gebeur daarna nie. Is die massa dan behep met Stellenbosch se soganaamde neutraliteit in studente-politiek?** Voorwaar interessante wesens, hierdie Maties. Maar as leier van die Afrikaanse kampusse in Suid-Afrika moet ons verwag om eienaardige waarnemings hier te maak. Stellenbosch bly immers Stellenbosch.

# Muggies in die Neus

DIE eerstejaars en die HK-lid, mej. Skoon Huid, is moeg en tog tevrede.

Die halwe maan hang aan 'n dun draadjie wat niemand kan sien nie. Hier en daar skyn 'n paar sterre tussen die takke deur. Die blare hang roerloos. Bietjies rook styg nou en dan soos offerande tussen die takke tot teen die donker platon.

Die orkes begin speel en stoele skuif hard op die vloer. Die koshuismoeder sit alleen by 'n groot tafel en vee geirriteerd die soutkorrels van haar vingerpunte af. Sy sluk die grondboonstukke met koejawelsap af as sy juffrou Skoon Huid sien naderkom. 'n Mens kan sommer sien dis haar portefeuleje. Sy buk by die moeder sodat die rok se dun bandjies gevaarlik span, en die moeder sê: "My kind, maar die saal lyk pragtig."

"Ja, ek is bly Mevrou dink so." en sy staan vinnig regop as sy die moeder se oë volg.

Juffrou Skoon Huid dink aan Jan Unus, wat oorkant haar tafel sit met die kersvlam in elke oog. Hy het 'n klompie hare bo sy strikdassie wat moontlik beteken dat hy twee jaar lank sy land verdedig het.

Sy bloos by verdere gedagtes as sy op haar suster, wat in die bank werk, se vier duim-hakke terugstap tafel toe. Sy is bewus van die suig-en-los klank wat haar hakke op die kunsleer-binnesole maak. Al die oë, wat haar opslurp, hoor dit gelukkig nie en sy ruk-rol haar lyf met egalige tred na haar stoel.

Haar nousluitende swart chiffon rek ritmies na links en regs om die heupbene te duld en haar haarlose quick tan-bene wil die spleet voor in die middel verder oopdwing. Met die sitslag is Richelieu Craven se hand onmiddelik op haar knie, sodat hy die fun stoppels voel waar sy die nair te gou afgevee het.

Die kleursel uit die kits-sonbrand potjie het haar hande gevlek soos die modder van haar destydse koekie-bak dae. Blakderboud, die lappop, wat haar ma se oorlede tant Nellie aan vaderskant gemaak het, se mondjie was altyd 'n bruin knoetsie onder die neus. Maar verdomp of die pop wou eet!

Richelieu bring met 'n lui arm die kers nader sodat Skoon Huid haar sigaret aan die brand kan suig. 'n Vetdruppel val rakelings voor haar ontblote vel verby, af, af tot dit deur die chiffon op haar bobeen stol. Sy skrik en stamp Richelieu se hand sodat die bos servet-blomme aan die brand raak en die vlammetjies in Jan Unus se oë 'n veldbrand word.

Die dames du terug en dapper mans storm vorentoe om sonder raad in mekaar se pad te staan. Die koshuismoeder benut die oomblik en sluk vinnig drie glase wit wyn weg.

Jan Unus toon sy deeglike militêre opleiding, gryp die blompot en hardloop met dié fakkel omhoog deur die saal. Die vlam brand mooier as die atleet met Olimpiese gang die pas versnel. Die toejuiging raak oorverdowend toe hy die pylvak binnegaan. Hy struikel, gly op sy maag oor die vloer en druk die vlam teen die muur dood.

Die orkes, wat deurentyd hul musiek by die gebeure aangepas het, kondig 'n pouse van vyf minute aan sodat almal gaan sit. Met die opstaan, druk die tromspeler sy hand dwarsdeur die een trom.


Twee van sy koshuismaats het hul metgeselle gelos en Jan gaan optel. Hulle sit nou buite in die koue aandlug sonder om 'n woord te sê. Hulle verstaan.

Die maan skuif agter 'n wolkie uit; 'n droeë blaar rol keer om en lê dan weer stil.

Die nag is stil; en tog, die aarde draai.

**PIETER MARAIS**

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



Dit is so dat elke mens se lewe — dit wat hy is — vir homself belangrik is. Vir God is ons lewens egter nog belangriker — so belangrik dat Hy selfs bereid was om Sy Seun te gee. Ons moet egter nie die fout maak om te dink dat God Sy Seun gegee het net met die oog op 'n heerlike lewe eendag wanneer ons by Hom in die hemel sal wees nie. Nee, God het ook Sy Seun gegee sodat ons nou al in hierdie lewe 'n volkome vol en ryk lewe kan hê. Dit is wat Jesus bedoel wanneer Hy se "Ek het gekom sodat hulle lewe en oorvloed kan hê."

Weliswaar nie altyd oorvloed op materiële gebied nie, maar wel oorvloed in ons kindwees van God en daarom in ons menswees. En dit beteken dat hierdie volheid van God sal blyk uit ons lewe van dag tot dag, ons omgang met mekaar, met ons studies . . . met alles. In afhanklikheid van Hom hoef ons nooit 'n lewe van gedurige val en opstaan te lei nie, maar kan elke dag van ons lewe vir ons 'n kosbare dag van oorwinning wees.

CHRISTO VAN ROOYEN

# UIT DIE OUDE DOOS

*NADAT daar met besem en stoflap ingespring is by* Die Matie*-argief, het 'n aantal grepe uit die verlede te voorskyn gekom wat dalk vandag nog die belangstelling sal prikkel:*

**Dinsdag 23 Augustus 1960**

SR-verkiesing: Opmerklik gedurende die afgelope Sirkus was die feit dat die Neethling-saal oorvol was. 'n Skreiende teenstelling met die afgelope drie monstervergaderings vanjaar.

Meer opmerklik egter was die groep studente wat hulle aan oproerige gedrag skuldig gemaak het. Hierdie was nie die gewone studentepret nie, maar 'n voorafbeplande en moedswillige lawaai. Dit lei geen twyfel dat daar by die nuwe SR aangedring moet word dat dissiplinêre stappe onmiddellik teen die betrokke persone gedoen word nie.

*Met sulke stoute studente was daar van politieke betrokkenheid seker glad nie sprake nie?!*

**Vrydag 21 Augustus 1964**

Met die stigting van die Federasie van Konserwatiewe Studente het 'n nuwe bedeling in Suid-Afrikaanse studente-betrekkinge ontstaan. Die langverwagte samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekende studente sal hopellik nou 'n werklikheid word.

Ontevrede studente wat uit NUSAS bedank het, het as gevolg van hul taal (Engels) tot dusver geen alternatiewe heenkome gehad nie. Ook die ASB het hom al lank reeds beywer vir samewerking tussen studente van die twee taalgroepe en ons vertrou dat die ASB van hierdie geleentheid gebruik sal maak om in nouer voeling te kom met ons andertalige mede Suid-Afrikaners. (— Andreas van Wyk, hoofredakteur).

*Dit is al 1979, en steeds is daar diegene wat wanhopig vertrou dat die "Bond" wél binnekort met nuwe inisiatief sal sprankel . . .*

**Vrydag 20 Augustus 1965**

Tydens Sendingweek is groot moeite gedoen met die uitstalling in die Hofmeyrsaal. Ongelukkig is die stalletjies van die Transkei-sending, die Moslem-sending en die Werkerskampe deur 'n brand verwoes. 'n Tweede Werkerskampstalletjie is weer opgerig. Die ondempbare entoesiasme van hierdie kampers blyk ook uit die opskrif wat by die verbrande stalletjie geplaas is: "In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het".

*Mag dit wel so wees dat elke jaar se Sendingweek sal meehelp om alle gevestigde rassediskriminasie stuk vir stuk te verwoes sodat daar uit die puin 'n nuwe eenheidstruktuur kan verskyn wat alle aanslae die hoof sal kan bied.*

**Vrydag 26 Augustus 1966**

Konsertgangers het verlede Vrydagaand die voorreg gehad om die wêreldpremière van Arnold van Wyk se werk, *Vier Gebede by Jaartye in die Boland*, by te woon. Dit is spesiaal vir die Eeufeesvierings van die Universiteit geskryf. Die Simfonie-orkes van die SAUK o.l.v. Anton Hartman het tydens hierdie geleentheid opgetree.

*Daar is nie dalk iemand met 'n briljante breinlob wat bereid is om, gedagtig aan Stellenbosch 300;, sy kunstenaarstalente aan dié kritiese gemeenskap op te offer nie? Op die plakkate sal dit dan preik: STRUIK bied (met trots, natuurlik) aan, Akkereikskov Matienski (die beroemde):, as hoofspeler ('n 'ster' is vir ons gebore) in "Drie (honderd) Hoeras by Feestyd (watter fees?) in Stellenbosch".*

**IAN THERON**

# STUDENT EN DOSENT MOET MEKAAR VERSTAAN

**DEUR DAWID DE VILLIERS**

DIE student bevind hom vandag in 'n oper verhouding met sy dosent as sélfs vyf jare gelede. Met die instelling van die **Studente Oorlegkomitee,** het die Rektor doelbewus beter terugvoeringskanale en dialoog probeer skep. Dit was 'n stap vorentoe, maar verhoudinge is nog nie wat dit behoort te wees nie.

Weg is die "despotiese" departementshoof, wat sy klein koninkryk sonder inspraak en teëspraak regeer het. Enkeles het afgetree, en ander is na veiliger domeine gerangeer. Hierdie tipe dosent was dikwels die oorsaak van groot ellende, waarbinne studente en selfs mededosente hulself magteloos gevoel het.

Vandag word van elke dosent aan hierdie universiteit bereidheid en beskikbaarheid tot gesprek verwag. Studente kla steeds hulle kry dosente nooit op kantoor nie. Kyk goed, by die meeste is daar instruksies hoe om hom of haar te kontak. Onthou, die dosent weet nie jy wil hom spreek nie — jy moet die inisiatief neem. Ek is oortuig dat die meeste dosente graag met 'n probleem wil help. Vir baie is dit 'n addisionele geleentheid tot onderrig, en wel op persoonliker vlak, wat meer bevredigend kan wees.

### WERKBESTEK

Waaroor wil 'n student sy dosent spreek? Die voor-die-hand-liggende antwoord is natuurlik: vrae, of probleme in sake die werkbestek. Hier moet geen student die geleentheid wat vir hom bestaan, in die wind slaan nie.

Vir die student wat ál sy werk wasig vind, en graag sy begrip daarvan wil verbeter, asook vir dié een wat op 'n meer spekulatiewe wyse oor interessante aspekte wil praat, is die kanaal oop. Die dosent behoort enige terugvoering te verwelkom, en ek sien geen rede waarom dit nie 'n waardevolle bydrae tot akademiese skoling sal lewer nie.

### SKULDIG

In die hande kry, is net 'n probleem vir 'n lui of skuldige student. Natuurlik sal 'n student nie graag sy opwagting maak as hy weet dat hy nie sy verantwoordelikheid nagekom het nie. Dis jammer as

## MENINGS-AKTUEEL

daar kwaai woorde volg, maar die student is skuldig, en behoort so iets te verwag. As jy werklik 'n dosent wil spreek, sal jy hom in die hande kry. Die vraag bly: hoe reageer die dosent? Ek dink die meeste sal tegemoetkomend wees.

### SENSITIEWE SAAK

Behalwe die akademiese probleme wat die student ondervind, kan die dosent ook ernstige probleme lewer. Heel algemeen is 'n swak dosent wat in een of meer opsigte akademiese stimuli teëwerk. As daar geen vrede gevind kan word met so 'n dosent nie en die hele klas het eenstemmigheid oor die aard van die probleem, moet en kan die klasverteenwoordiger die persoon oor die probleem inlig. Vanselfsprekend is dit 'n sensitiewe saak en moet dit met smaak en takt hanteer word.

Dit vereis 'n behoorlike klasverteenwoordiger. So baie kere word 'n verteenwoordiger sonder die nodige erns verkies, en dan sit die hele klas met nog 'n groter probleem. Kies reg en versigtig. Die klasverteenwoordiger moet in voeling bly met die klas se sentiment en dit is sy plig om op te tree, al is dit ook hoe moeilik.

'n Ander probleem is 'n swak, oninteressante kursus. Ook hier moet die hele klas via die verteenwoordiger optree. 'n Dosent sal nie positiewe kritiek kan ignoreer nie. Dit sal immers tot sy eie, en die vak se nadeel wees. Moet ook nie ompaadjies loop, of by ander dosente begin skinder nie. Lig die dosent direk en volledig in.

### WITBROODJIE


Almal ken die probleem van witbroodjies en swart skape. Eersgenoemde word egter dikwels uit verband geruk, en het gewoonlik jaloesie as basis: dit sal weinig help om hieroor 'n tirade op tou te sit. **Maar duidelike diskriminasie, veral by puntetoekenning, is sowel 'n onding as 'n ongelukkige saak. Dit kan nie wegredeneer word nie: subjektiewe faktore speel 'n groot rol by verskeie dosente.** Een dosent gaan reeds sover om sy studente voor die eksamen in te lig dat hulle gaan dop. Sy kriteria is sy subjektiewe evaluering of 'n student hard gewerk het, en of sy "gesindheid" reg is. En almal wat om een van dié redes hulle slaagpunt ontneem is, kry deur die bank 35%, ongeag wat hulle neergeskryf het.

Dit is so dat verskeie studente nie hulleself doodwerk nie, maar sodanige drastiese penalisering is onbillik. Hoeveel mense word nie ten onregte in 'n hereksamen gedwing nie? Sommige kry later nooit eens graad nie.

### OUTOKRATIES

Hierdie geval is spesifiek aantoonbaar, en alhoewel ek nie wil beweer dat alle departemente so handel nie, is daar méér sodanige dosente, wat die lot van studente outokraties beheer. In so 'n situasie praat die student dikwels van 'n hermerk. Dit is iets wat 'n swak student ook opwerk in sy ongelukkige frustrasie. Daarom moet 'n hermerk net in die absolute uitsonderingsituasie, soos hierbo genoem aangevra word. En dan nie 'n interne, máár 'n eksterne hermerk. Dit kos wel R20, maar dit is die moeite werd om 'n ander dosent oor jou eksamenskrif te laat oordeel; dit maak dalk die verskil tussen 'n graad of nie. **Die student moet natuurlik goed rekening hou met die implikasies van sy daad: in sekere fakulteite is 'n hermerk gelyk aan akademiese selfmoord.** Dit is 'n verkeerde reaksie van dosente, maar ek voorsien dat dié *status quo* t.o.v. die gevoeligheid kan verander nie.

Veel kan nog gesê word oor die student-dosent verhouding op Stellenbosch. **Ten slotte, 'n oorkoepelende aanbeveling: probeer deur vriendelike en beskaafde optrede 'n goeie verhouding met dosente kweek. Goeie gespreksterugvoering is vir 'n dosent belangrik en kan 'n student net tot voordeel strek.**




*Onverwagte kroonprins?*

## Kampus-Kalender

**ACSV**
28 Augustus — Verkiesing van nuwe bestuur.

**AFRIKAANSE STUDIEKRING**
5 September — André P. Brink: "Die skrywer en die owerheid".
13 September — Prof. E. Meiring (Departement van Frans) "Die verbintenis tussen die Franse en Afrikaanse letterkunde".

**ITALIAANSE-VERENIGING**
1, 2 en 3 September — Uitstappie na "Goodwil Festival". Belangstellendes kan hul name in die vereniging se posbus by die LSS plaas.

**USAT**
24 en 25 Augustus — Moulin Rouge-aand om 20h00 by die Libertas-Teater.

**POLUMNIA**
29 Augustus — 'n Spreker praat oor "Trans-Wêreldradio".
5 September — Prof. van der Merwe hou 'n bespreking oor SACLA.

**VOLKEKUNDEVERENIGING**
30 Augustus — Ledevergadering om 19h00 in die onderste saal van die Ou Hoofgebou. Om 19h30 word die fliek "Maqoma" vertoon.

**SAAK**
Mnr. Colin Eglin — Die rol van 'n Opposisieparty in vandag se politiek.
23 Augustus om 1.15 nm in die L.S.S.
30 Augustus: Mowbray Inter-Race Group in Vrouevereningingsaal.

**SANGFEES**
23-25 Augustus: Stadsaal: Koshuis- en gaskore.

# Gekleurdes mag in koshuise kom

**RONÉLLE LAMBRECHTS, Serruria, skryf:**

IN Mei vanjaar is min of meer die volgende aan die dames in die koshuise oorgedra: Ons word daaraan herinner dat anderskleuriges nie in die koshuise ontvang mag word nie.

Aangesien die "vermaning" vir my totaal onbegryplik was, veral in die lig van onlangse ontwikkelinge op die kampus, wou ek seker maak of daar nie iewers 'n fout ingesluip het by die oordra of interpretasie van die reël nie. Ons prinsipale kon my nie help nie.

### VERONTWAARDIG

Dis nodeloos om te sê watter verontwaardigde reaksie dit onder die dames uitgelok het, aangesien dit beskou is as 'n stap terug in die poging om beter menseverhoudinge op ons pas oopgestelde kampus te bewerkstellig.

Ek is onmiddellik daarna na Administrasie. Daar is ek toe meegedeel dat daar blykbaar wel 'n fout moes ingesluip het in die oordra van die reël. Die korrekte reël (en ek sal my liefs nie nou oor die meriete daarvan wil uitlaat nie) is dat anderskleuriges *van die teenoorgestelde geslag* nie in die verskillende mans- en dameskoshuise ontvang mag word nie.

### WANINDRUK

Dit verander die situasie nou in 'n mate. **Ek het gevra of daar dan nie 'n amptelike regstelling gemaak kan word nie, aangesien Administrasie nou bewus is van die wanindruk wat onder die dames in die koshuise gelaat is.**

Heelwat tyd het intussen verloop en ek weet nie of daar met die eksamen en vakansie nie geleentheid was om die regstelling op dieselfde werkswyse te maak as waarmee die verkeerde indruk op die dames se gemoedere ingeskerp is nie. Op die oomblik is die situasie egter dat die grootste persentasie van die dames in die koshuise nog onder 'n wanindruk verkeer en dit uiters kontra-produktief is t.o.v. ons strewe na 'n gemeenskap waar daar nie soveel aantasting van menswaardigheid is nie.

Die rede waarom ek my tot *Die Matie* wend, is omdat ek voel dis die laaste uitweg — aangesien ek dan nou deur al die korrekte kanale navraag gedoen het — om 'n algemene regstelling moontlik te maak.

**Ten slotte wil ek my bedenkinge uitspreek oor die wyse waarop te werk gegaan is om die studente aan 'n reël van hierdie aard te herinner. Dat dit vatbaar was vir verkeerde interpretasie, misverstande en uiteindelik aanstootlike gevolge, is reeds bewys.** En waarom is dit nodig gevind om slegs die dames hieraan — die korrekluidende reël — te herinner? Sou daar by ons 'n groter neiging as by die mansstudente wees om uiteindelik landswette soos die Verbod op Gemengde Huwelik of artikel 16 van die Ontugwet te wil oortree?

## 'N DANKWOORD AAN LOUIS HEYNEMAN

**JAN DE WET, SR-VOORSITTER 1979, skryf:**

VERGUN my ook langs hierdie weg 'n dankwoord aan mnr. Louis Heyneman, vorige redakteur van *Die Matie,* wat in die afgelope termyn ons SR se taak baie vergemaklik het. Ons het sy gesonde kritiek baie waardeer en nooit die gevoel gekry dat hy eensydig-veroordelend teenoor die SR gestaan het nie.

*(Brief verkort — red.)*

**SIRKUSLIEFHEBBER, skryf:**

As daar nou iemand is wat 'n pluimpie verdien vir sy optrede by vanjaar se SR-sirkus, is dit die uittredende Studenteraadsvoorsitter. Lanklaas het ek 'n voorsitter so beslis en ferm sien optree, sonder om 'n tikkie regverdigheid prys te gee. Baie geluk mnr. Jan de Wet in 'n uitstekende vertoning van voorbeeldige en bekwame voorsitterskap.

## Papier-Skaarste

**OPELYF M. WAHL**
**Rigoletto 13, skryf:**

NA aanleiding van die nuwe verfynde papierbespaarders wat in die LSS graffiti-lokale aangebring is, wil ek net die volgende probleme uitlig.


Met my eerste konfrontasie het dit maar broekskeur gegaan om die gebruiklike lengte af te rol en het ek sodoende 'n klas *mis*geloop.

Nadat ek *lit*diep in die knyp was, kom die gevolgtrekking dat die twee porsies slegs vir naels skoonmaak bedoel is. Die "gespaarde" papier is toe weer vermors by die wasbak, waar ek my hande moes skoonkry.

Hierdie nuwigheid verskaf veral ongerief wanneer die nood op sy ergste druk en kan dus verdere ongewensde graffiti uit lok . . .

# SR — Portefeulje verslae

## Jan de Wet



### Voorsitter

*Die studente-unie het vanjaar ten minste by twee geleenthede die leiding van die SR oënskynlik in die wind geslaan, te wete met ASB-affiliasie en die "oop koshuise"-polemiek. Is daar 'n breuk tussen die SR en die studente-unie en geniet die SR die aansien wat dit verdien?*

Ek dink dat u verkeerd is as u sê dat die leiding van die SR met die "oop-koshuise-polemiek" deur die studente-unie "in die wind geslaan is". Ek twyfel nie dat die meerderheid van die studente-unie die SR hierin gesteun het nie, soos onder andere blyk uit die onlangse mosie wat met slegs enkele teenstemme deur die Studente-parlement aangeneem is. Wat ASB-affiliasie betref, moet 'n mens dit in 'n totaal ander lig sien. Miskien het die SR nie genoeg tyd tot sy beskikking gehad om die studente-unie werklik in te lig oor hierdie belangrike saak nie en het dit tot gevolg gehad dat die SR nie studente se steun gehad het nie. **Dat daar wel 'n afstand, (miskien 'n breuk) tussen die SR en die studente-unie bestaan, is in 'n groot mate waar. Ek wil dit egter nie 'n** *vertrouensbreuk* **noem nie, maar 'n** *kommunikasiebreuk*. Hoe kom 13 mense se doen en late, se eerlike bedoelings, se harde en onbaatsugtige diens met suiwer motiewe by byna 12 000 studente uit?

U sal met my saamstem dat effektiewe kommunikasiekanale vir die SR uiters noodsaaklik is om die gaping tussen homself en die kampus te oorbrug. Hierin speel *Die Matie* geen geringe rol nie. Dit is onrusbarend dat *Die Matie* 'n aantal termyne gelede (en nie te ver terug nie) 'n byna opponerende rol teenoor die SR gespeel het. En die mees effektiewe opposisie van 'n koerant, naas eensydige en negatiewe kritiek, is om bloot te swyg, want om niks te sê nie, skep die idee dat niks aangaan nie en dat dit wat moontlik aangaan van geen betekenis hoegenaamd is nie. Hierdie houding het daartoe bygedra dat die afstand tussen SR en kampus 'n betreurenswaardige werklikheid geword het. Daarom was dit so verblydend en bemoedigend om te sien dat die vorige redaksie onder leiding van Louis Heyneman 'n positiewe en lojale gesindheid teenoor die SR openbaar het. Net so verblydend is Kobus Pienaar se vorige hoofartikel waarin hy hom verbind tot 'n beleid van *kritiese lojaliteit* tot die SR. Dit kan net goeie vrugte afwerp, want sonder vertroue is dit byna onmoontlik om konstruktiewe werk te lewer.

**Die SR is nie verkies om "aansien te geniet" nie, maar om *diens* te lewer. Wanneer aan hulle die ruimte gegee word om dit te doen, sal dit dalk juis 'n "aansienlike" diens wees.**

*Het die SR vanjaar daarin geslaag om die politieke mosie van verlede jaar se monstervergadering te implementeer?*

Miskien is dit nie vir my om te sê of ons geslaagd was of nie. Wat ek sonder enige twyfel wel kan sê, is dat die SR hierdie opdrag van die studente-unie nie probeer vermy het nie, maar met groot entoesiasme en erns as 'n uitdaging aanvaar het. Dit was ons voorafgesette doel om aan die studente-unie se versoek te voldoen. Dat ons probeer het, kan niemand betwyfel nie.

Ek wil egter graag een saak regstel. Daar is studente op die kampus wat voel dat ons hierdie 'politiekery' oordoen het. Ek sal graag wil hê dat hulle dit net in gedagte moet hou dat uit die 269 mosies wat die Raad oorweeg het, slegs 11 suiwer politieke mosies was. Natuurlik het die geweldige publisiteit van die nuusmedia dit buite verband geaksentueer en kon 'n mens verstaan dat studente kan reken dat ons te veel politiek bedryf het. Ek hoop hulle sien dit nou in perspektief. 'n Studenteraad behoort nooit toe te laat dat suiwer politiek sy hoogste prioriteit word nie.

## Frans Roelofse

### Komitee vir Politieke Studie Politieke Raad, N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, Akademiese skakeling, Onder-Voorsitter,



*Min prominensie is aan die werk van die Komitee vir Politieke Studie verleen. Kan u kortliks 'n opgaaf hiervan gee asook die verder verloop van studiestukke skets?*

. Die Komitee het 'n aantal artikels in *Die Matie* gepubliseer, maar dit was beslis nie genoegsaam nie. Die werkstukke van die Komitee sal in die vervolg meer volledig beskikbaar gestel moet word in die vorm van 'n afsonderlike publikasie of dalk as deel van die US Gesprek-publikasie, *Dispuut*. Geld was egter 'n probleem in die afgelope termyn en die nuwe SR sal hieraan aandag gee.

Werkstukke is opgestel oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet asook die tuislande, ASB en NUSAS. Hierdie is almal deur die SR aanvaar. Die belangrikste werkstuk, handelende oor die rol van die SR, het wye belangstelling op ander kampusse gaande gemaak.

*Kan die bestaan van die Studente Oorlegkomitee regverdig word in die lig van die ongereelde bywoning hiervan deur fakulteitsverteenwoordigers en die oënskynlike gebrek aan sake waarmee die komitee hom sinvol kan besig hou?*

Dit is jammer dat die vergaderings van hierdie komitee so swak bygewoon is. Dit sal ondersoek moet word. Die komitee het egter 'n hele aantal belangrike sake hanteer. Die semesterstelsel en spesifiek die probleme wat eerstejaars hiermee ondervind, word op die oomblik nagevors. Die rol van raadgewing is van nader bekyk sodat hierdie stelsel waarskynlik opgeknap sal word. Die Komitee het ook aandag gegee aan die probleme rondom eksamenroosters, die beskikbaarstelling van ou vraestelle, die toelating van bruinstudente en die afneem van toetse in die eerste week na die wintervakansie.

## Piet Kleyn



### Sekretaris

*Het SR-vergaderings vanjaar tot hulle reg gekom en was die bywoning deur lede na wense?*

Die debatte van die afgelope termyn was besonder sinvol en lede het oor die algemeen goed deelgeneem. Waar daar nie altyd oor sake saamgestem is nie, het 'n gesonde gees van samewerking gesorg dat die beste belange van Stellenbosch en spesifiek die studente-unie, altyd voorop gestel is. Die bywoning van vergaderings was bevredigend.

*Kan die Sekretariaat van die SR nie tot 'n groter mate roetine en administratiewe take by ander portefeuljes oorneem nie en in watter gevalle sou dit wel kon gebeur?*

Portefeuljehouers kan beter gebruik maak van die kantoorpersoneel van die SR om sekere roetine en administratiewe take te verrig. Die Sekretaris hoef nie hierby betrek te word nie want hy sou oorlaai word met werk. Die verantwoordelike SR-lede het uit die aard van die saak ook die beste kennis van die spesifieke onderwerpe en kan dus die beste kontrole uitoefen.

## Hilgard Bell



### Tesourier

*Kan u kortliks in globale somme 'n uiteensetting van SR-besteding gedurende die afgelope boekjaar gee?*

Totale uitgawes gedurende die termyn het 'n bedrag van R79 600 beloop. Hiervan is byna R41 000 aan publikasies bestee waarvoor *Die Matie* alleen, R24 000 gekry het. 'n Bedrag van R11 000 is aan verenigings, die Buitemuurse SR en die Geneeskundige SR toegeken. 'n Totaal van R4 500 is gebruik vir die SR skakeltoer en onthale. Intervarsity het vanjaar 'n wins getoon sodat daar geen uitgawes in hierdie verband was nie. 'n Totale bedrag van R1 100 is aan US Gesprek spandeer. Die grootste deel hiervan het gegaan vir die publikasie van *Dispuut*. Die SR-begroting is hierdie termyn vir byna 90% gedek uit studentegelde.

*Behoort daar nie beter toesig oor SR-besteding en dié van instansies waaraan die SR geld oordra, te wees nie, ook met verwysing na die veelbesproke SR-partytjie verlede jaar?*

Slegs die SR kan beter kontrole uitoefen aangesien dit die hoogste gesagsliggaam van die studente-unie is. Om hierdie rede is die finansiële verslag van die tesourier en die keuse wat die studente-unie tydens die SR-verkiesing maak, van besondere belang.

Daar bestaan wel kanale waardeur die studente-unie kan verseker dat bestedings sinvol is. Begrotings verskyn saam met die notules van vergaderings terwyl besware by die SR of in die Studenteparlement aanhangig gemaak kan word. Verder word die state van die SR jaarliks geoudit wat ernstige wanbesteding en wanpraktyke verhoed.

## Nick Koornhof



### Inter-universitêre Sake

*In watter lig beskou u die verbreking van bande met Stellenbosch deur 'n aantal Engelstalige kampusse na die mosies oor hulle koerante?*


Ek beskou die verbreking van bande deur die drie Engelstalige kampusse nie as baie ernstig nie. Formele kontak in die vorm van amptelike samesprekings oor gemeenskaplike belange het nooit bestaan nie weens die betrokke kampusse se keuse. Dit het altyd geskied op 'n informele vlak en die NUSAS-hoofbestuur het op 'n onlangse vergadering hul ten gunste van informele kontak met US uitgespreek. Myns insiens is die herstel van bande net 'n formaliteit.

**Ek is steeds van mening dat hierdie kampusse impulsief opgetree het en dat hul nie daarin kon slaag om ons kritiek te absorbeer nie — 'n spel wat hulle self so maklik speel.**

*Sou u as u die kans het, weer 'n "oop koshuise"-mosie voorstel in die vorm van die vorige? Motiveer asb.*

Indien ek oortuig is dat ek weer mede-Matiestudente se belange sou dien, sou ek weer so 'n mosie voorstel. Na aanleiding van die polemiek en die moontlike waninterpretasie wat aan die bewoording toegedig kan word, sal ek in die toekoms meer versigtig let op die woordgebruik. Dit was baie jammer dat so belangrike mosie moes ontaard in 'n blatante politiekery wat die rasseverhoudingsbeleid net kon skaad.

## Deon de Kock



### Kombi's LSS

*Het* Radio Matie *sy totstandkoming regverdig en watter uitbreidings voorsien u?*

Ja, sonder enige twyfel. Reeds toe *Radio Matie* 'n oplossing vir die totaal onbevredigende musiekverskaffingstelsel in die Langenhoven Studentesentrum daargestel het, het dit sy totstandkoming regverdig.

In die onmiddellike toekoms voorsien ek uitbreidings na die Tygerberg-kampus en ook na die ontspanningsale en sitkamers van koshuise. 'n Groter programverskeidenheid is nie uitgesluit nie, maar die klankgehalte, veral by sommige koshuise, sal eers verbeter moet word voordat hieraan aandag gegee kan word.

*U is dikwels in die afgelope termyn gesien om bv. geld op te neem by sokkies in die Gat. Val sulke take binne die bestek van 'n SR-lid?*

Die bestek van 'n SR-lid se taak word deur niemand anders as myself bepaal nie. Geen persoon wat met 'n suiwer diensmotief op die SR dien, sal skroom om op enige terrein 'n bydrae te lewer solank dit tot voordeel van die saak strek nie.

## Piet Delport



### Openbare Betrekkinge, Intervarsity

# SR — Portefeulje verslae

*Wat is die toekoms van Intervarsity in die lig van toenemende drankmisbruik en losbandigheid?*

Die owerhede besef dat Intervarsity met sing-songs, drompoppies, sjampanjenooiens ensovoorts, 'n tradisie is en sal dit wil behou. Probleme ontstaan egter as hierdie dinge deur sommige studente misbruik word en daardeur 'n verleentheid vir die universiteit skep. Daar word tans gepoog om die program van Intervarsity so uit te lê dat alle dooie kolle, soos pouses wanneer daar niks op die veld gebeur nie, uitgeskakel word. Sommige van die verrigtinge sal ook waarskynlik verkort word. As hierdie maatreëls nie help nie, sal Intervarsity stelselmatig afgewater word. Dit is elke student wat Intervarsity wil behou, se plig om toe te sien dat insidente uitgeskakel word.

*Hoe kan die SR sy skakeling met die pers bevredigend reël sodat die ongelukkige voorvalle van die afgelope termyn hulself nie herhaal nie?*

In die afgelope termyn is daar gepoog om meer publisiteit te gee aan SR-mosies wat betekenis inhou vir die breë gemeenskap. Hierdie mosies, wat aan die pers bekendgemaak is, was nie altyd vergesel van 'n duidelike verklaring of raamwerk wat die nodige perspektief verleen en die motiewe van die SR duidelik gemaak het nie. Onsekerheid het gevolg wat dan deur die pers uitgebuit is. Verduidelikings en verklarings wat agterna gedoen is, is soms as terugkrabbelry beskou en was te laat om perspektief te bring. Die SR-voorsitter moet na elke belangrike SR-vergadering 'n perskonferensie hou, of 'n verklaring uitreik wat saam met die betrokke mosie of standpunt ter perse sal gaan om sodoende onduidelikheid te vermy.

## Renier Koegelenberg



### US-Gesprek, F.A.K.

*US-Gesprek het oënskynlik 'n laagtepunt bereik. Wat is die redes hiervoor en watter oplossings voorsien u?*

Seker die belangrikste rede is dat die benadering wat in vorige termyne gevolg is, nie die gewone student by US-Gesprek betrek het nie. Die organisasie het gevolglik vanjaar sonder 'n gesonde kerngroep begin. Ander redes is waarskynlik die groot apatie van studente, 'n algehele luiheid en onvermoë om aan besprekings deel te neem en te veel verenigings op die kampus wat ongekoördineerd groepsbesprekinge oor aktuele onderwerpe aanbied.

Myns insiens moet US-Gesprek hom in die toekoms daarop toespits om 'n kerngroep uit elke jaargang van studente en dan veral juniors, te trek sodat kontinuïteit van jaar na jaar behou kan word.

*Sal die nuwe studente-organisasie wat u namens die SR ondersoek het, ooit die eerste lewenslig aanskou?*

U moet onthou dat hierdie saak natuurlik nie net van Stellenbosch afhang nie, maar ook van die gesindheid en benadering van ander kampusse en studentegroepe. Ek is nietemin seker dat daar genoeg studente elders is wat wel erns wil maak met so 'n geleentheid en veral op informele vlak verhoudinge met anderkleuriges en anderstaliges wil verbeter. Eers wanneer gesonde vriendskaps- en vertrouensverhoudinge bestaan, kan daar sprake wees van 'n formele organisasie. Ek voorsien dat dit wel moontlik is.

## Frikkie Landman



### Karnaval, Sangfees

*Daar is klagtes dat Karnaval bloot 'n besigheidsonderneming word en daarom sy aantreklikheid vir die gewone student verloor. Stem u saam?*

Die klagte het meriete, maar Karnaval is nie bloot 'n besigheidsonderneming nie. Goed, dit gaan om geld, maar die feit dat dit vir USKOR gaan, is tog seker versagtende omstandighede. Hiermee word studentepret nie opgegee nie. Inteendeel, kyk na die jolyt rondom koshuisversierings, vlotoptogte, die kermis en die danse. Ek sien die gevaar wat u vraag inhou, tog dink ek dat die balans tussen jolyt en fondsinsameling gehandhaaf word.

*Moet die portefeulje van Sangfees nie ook ander skone kunste insluit nie sodat die SR ook op hierdie gebied 'n diens aan die studente-gemeenskap kan lewer?*

Die term SANGFEES dui tog aan waarom dit gaan: SANG! Die ander skone kunste het beslis 'n plek, maar apart van Sangfees. Moontlik kan dit gehanteer word deur dieselfde persoon wat Sangfees behartig, maar beslis onder 'n ander opskrif. (Skone Kunste?) Ek neem aan dit is die bedoeling van u vraag en as sodanig kan ek net JA antwoord.

## Tinnie Muller



### Onthale, Bloeddiens, Damesbelange

*U twee hoofportefeuljes nl. Onthale en Bloeddiens, is hoofsaaklik administratief van aard. Moet dit as selfstandige portefeuljes bly voortbestaan?*

Alhoewel *Onthale* in die verlede wel as enigste portefeulje toegeken is, dink ek dit kan met vrug gekombineer word met die hantering van *Damesbelange* wat nie alleen die Primariae-komitee insluit nie, maar ook DSOV en Damesport. Vir effektiewe skakeling en die tref van reëlings is dit egter noodsaaklik dat 'n SR-lid *Onthale* direk hanteer. Die monopolie van die LSS op onthale laat egter nie baie ruimte vir eie inisiatief toe nie.

*Bloeddiens* is ook in die verlede beskou as bloot iets wat deur iemand gedoen moet word. Ek het vanjaar baie nou geskakel met die WP Bloedoortappingsdiens met die gevolg dat klinieke tans weekliks in die LSS gehou word. Bywoning hier oortref alle verwagtinge.

*Waarom stel so min dames hulle verkiesbaar vir die SR?*

Ek dink die *Sirkus* skrik dames meer af as mans. 'n Verdere faktor is die feit dat dames minder oor aktuele sake gesels (L.W. — nie noodwendig minder belangstel nie) en dus nie daaraan gewoond is om hulle standpunte helder en duidelik te formuleer nie. Die relatief korter duur van die kursusse wat meisies volg, kan ook 'n bydraende faktor wees.

## Tollie Oosthuizen



### USKOR, Kleure en Erekleure


*Wat doen die SR-lid belas met USKOR?*

Die taak van hierdie SR-lid was in die verlede vaag omskryf. 'n Komitee is gevolglik gedurende die afgelope termyn geïnisieer wat die USKOR-reklamekomitee genoem word en waarvan die verantwoordelike SR-lid die voorsitter is. Die oogmerk was om reklame te maak onder (i) studente, (ii) die Kleurlinggemeenskap en (iii) belanghebbende organisasies en maatskappye. Hiermee kan 'n positiewe atmosfeer op die kampus en elders geskep word wat die funksionering van USKOR tot voordeel sal strek. Verskeie projekte is in hierdie verband aangepak en met 'n wisselende mate van sukses deurgevoer.

*Is die bekendheid van 'n Matie-rugbyspeler 'n bate in die uitvoer van SR-pligte?*

Hierdie vraag is duidelik moeilik om te beantwoord aangesien nie almal rugby in dieselfde lig sien nie. Op Stellenbosch is die meerderheid van mense egter die spel positief gesind. In hoe verre dit my in die uitvoer van my SR-pligte gehelp het, weet ek nie, maar dat mense meer toegeneë tot vertoë was, is wel waar. Daar is egter ook negatiewe aspekte te bespeur veral onder studentegroepe en akademici wat sport of rugby spesifiek, nie as 'n lewenspatroon aanvaar nie. Rugby as sodanig, binne sy hele struktuur, is geweldig lonend vir die individu en dus indirek ook t.o.v. SR-pligte.

## Etienne Rabe



### Studentebelange, Sport


*Is die finale woord oor 'n boekwinkel op die kampus nou gespreek?*

Ja, ek meen so. Die kwessie van 'n boekwinkel op die kampus was vir verskeie termyne in die smeltpot. Die finale besluit het vanjaar gevolg op skakeling met ander universiteite, boekwinkels en die administrasie. Die redes waarom so 'n onderneming nie lewensvatbaar is nie, is: daar is van tyd tot tyd prysbinding op boeke wat beteken dat 'n sekere winsgrens gehandhaaf moet word anders word boeke nie gelewer nie, daar mag nie op universiteitseiendom handel gedryf word nie (die LSS het 'n spesiale lisensie), ervare, besoldigde personeel sal nodig wees. Daar is gevoel dat die geweldige organisasie wat so 'n onderneming sal behels, nie binne die bestek van die SR val nie. **Ek wil beklemtoon dat die feit dat die SR nie so iets kan onderneem nie, nie 'n privaat individu of -instansie hiervan uitsluit nie.**

*Kan u kortliks die werksaamhede van die Studentebelange-komitee gedurende die afgelope termyn oorsien?*

Verskeie projekte is geloods wat in die toekoms met vrug verder uitgebou kan word. Die kultuurweek of *Kultus '79* was 'n groot sukses en verdien definitief herhaal te word. Nog 'n 'eerste' was die leierskapseminaar vir eerstejaars wat in samewerking met die Fakulteit van Opvoedkunde aangebied is. Die SBK het oor 'n wye terrein gefunksioneer. Enkele sake verdien vermeld te word. Tydens die oriënteringsweek spreek die voorsitters van verenigings die eerstejaars toe ten einde hulle gouer by die verenigingslewe te laat inskakel. Deur bemiddeling van die Vise-rektor word die Carnegiebiblioteek net voor en gedurende die eksamens vir die hele Saterdag oopgestel. Verder ondersoek die SBK die gebruik van die universiteit se oudiovisuele toerusting deur studente, die slegte reuk in koshuiswasgoed, die kwessie van 'n kampusboekwinkel asook die rol van Kampusbeheer. Aangesien hierdie Komitee hom by uitstek met die diverse belange van die individuele student bemoei, is dit noodsaaklik dat studente sodanige sake onder die aandag van die Komitee sal bring d.m.v. die Klagtebus.

## Piet Stofberg



### Verenigings, Publikasies

*Is die afname in belangstelling in verenigings soos SAAK en 'n organisasie soos US-Gesprek nie te wyte aan die duplisering van belangevelde nie, omdat daar nie genoeg koördinasie tussen die aktiwiteite van verenigings is nie?*

Hoewel daar nie onlogiese oorvleueling is wat die spesifieke grondwettelike doelstellings van die bestaande verenigings betref nie, word die grondwette in die praktyk so wyd geïnterpreteer dat talle verenigings op mekaar se terreine oortree.

Dit bring mee dat spesifieke belangevelde waarvoor daar wel voorsiening in bepaalde verenigings se grondwette gemaak is, nie direk gedien word nie. Daar is ook belangevelde, soos bv. die kunste, waarvoor daar nie voldoende voorsiening in die huidige verenigingstruktuur is nie.

Juis om hierdie redes beveel ek in my verslag aan dat 'n nuwe sisteem van erkenning ontwikkel word. Belangevelde moet geïdentifiseer word en verenigings moet erken word op grond van die mate waarin hulle bepaalde belangevelde bedien.

*Is u tevrede met die rol van* Die Matie *op Stellenbosch?*

Die doel van *Die Matie* is myns insiens die volgende: behoorlike nuusdekking, opbouende kritiek oor die terrein van ons kampus- en breë samelewing en stimulering van die aktuele debat. *Die Matie* moet ook as effektiewe mondstuk van die SR funksioneer.

Oor die afgelope termyn het *Die Matie* hierdie rol bevredigend vervul.

Hoewel die basiese rol van *Die Matie* altyd dieselfde sal bly, kan daar baie gedoen word om steeds meer en meer te maak van hierdie rol. Meer gereelde uitgawes en 'n meer vaartbelynde redaksionele en drukproses moet sterk oorweeg word om te verseker dat *Die Matie* varser nuusdekking en meer "on the spot" kommentaar kan bied.

**HAUM**

*Die student se boekwinkel*

Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600


TEL. 4440 2906

Posbus 343




# Met bloktyd finaal agter die rug, begin 'n lonende loopbaan by ons.


**Skryf gerus aan ons in verband met jou loopbaan.**



Landbou het bekwame manne in elke denkbare veld nodig.



Navorsing word in verskeie moderne laboratoriums gedoen.



Ingenieurswese bied groot beroepsbevrediging vir die gekwalifiseerde man.

Vir volledige besonderhede oor 'n uitdagende loopbaan in die Staatsdiens, skryf aan:
Die Sekretaris,
Staatsdiens-kommissie,
Privaatsak X121,
Pretoria,
001.
Of kontak jou naaste streek-kantoor.

Ek stel belang in 'n loopbaan as ..............................

..............................

Naam ..............................

Adres ..............................

..............................

Kode ..............................

Tel. ..............................

Hoogste kwalifikasie ..............................

Streekkantore: Mnr. D. Rossouw, Tel. 012 x 41-4411, Pretoria. Mnr. R. Schwartz, Tel. 011 x 29-3986, Johannesburg. Mnr M. G. Mynhardt, Tel. 051 x 7-1180, Bloemfontein. Mnr. F. Muller, Tel. 0531 x 2-5612, Kimberley. Mnr. C. Whitehead, Tel. 021 x 22-8845, Kaapstad. Mnr. R. Nieuwenhuizen, Tel. 041 x 54-4098, Port Elizabeth. Mnr. H. B. v.d. Walt, Tel. 031 x 6-8829, Durban.

**DIE STAATSDIENS BIED MEER AS WAT JY DINK**

KMP 5950/A

# SHARP-LIGA

## SIMONSBERG—VISSER

**SIMONSBERG het verlede Vrydag baie goed vertoon en die wedstryd met 32-0 gewen.**

Die eerste vyftien minute van die eerste helfte verloop sonder dat enige punte aangeteen word. Toe breek Simonsberg se agterlyn deur. Na 'n goeie lopie verloor hulle egter die bal oor die kantlyn, binne bereik van die doellyn. Hulle bemeester die bal in die lynstaan en na die bal langs die hele agterlyn afbeweeg het, duik Johan Smit oor vir Simonsberg se eerste drie. Die drie is gedoel. Kőrt hierna duik Pierre Kotze oor vir Simonsberg se tweede drie. Ook dié is gedoel.

### RUSTYD


Teen rustyd staan die telling nog steeds op 12-0 ten gunste van Simonsberg. Dit is te wyte aan dié vasberade manier waarop Huis Visser verdedig het. Simonsberg was voortdurend op die aanval. Hulle kon in die eerste helfte egter net die twee maal deurkom.

In die tweede helfte is daar mooi rugby gespeel aan beide kante. Huis Visser het Simonsberg 'n paar benoude oomblikke besorg maar kon net nie daarin slaag om deur te breek nie. Simonsberg het soos in die eerste helfte steeds meestal gebiedsvoordeel geniet. Selfs die goeie verdediging van Huis Visser kon net nie heeltyd die aanvalle afweer nie.

Kort na die aanvang van die tweede helfte breek Piet Swart van Simonsberg deur en druk sy drie. Die doelskop is egter mis. 'n Ruk later druk Marius (Slingel) Matheu nog 'n drie wat wel gedoel word.

Hierna skop Huis Visser weer vas en die telling staan 'n ruk stil. Toe kom Johan Smit egter deur vir sy tweede drie. Kort hierna druk Pierre Kotze ook sy tweede drie toe hy van Huis Visser se tien treë strippellyn af deurgehardloop het. Net een van hierdie drieë kon egter gedoel word.

Die groot telling stel Huis Visser se spel egter in 'n groter skadu as wat dit verdien. Hulle het hard probeer en goed verdedig. Die wedstryd eindig egter 32-0 teen hulle.



Wilgenhof klop Medies 12-8. Op die foto maak N. Claassen gereed om die bal van J. Pelser te ontvang.

## MARAIS—PIEKE

**IN 'n harde wedstryd speel Pieke en Huis Marais verlede Vrydag gelykop 12-12.**

'n Sterk Suid-ooster het die spel egter bemoeilik. Huis Marais speel die eerste helfte saam met die wind en gebruik die wind goed. Hulle geniet dan ook gebiedsvoordeel vir die grootste deel van die eerste helfte. Pieke se verdediging was egter rotsvas. Diep in die eerste helfte ontstaan daar weer 'n losgemaal in Pieke se kwartgebied. Huis Marais kry die bal en na 'n volle agterlynbeweging gaan vleuel C. Hugo oor vir 'n drie. A. Taute slaag met die doelskop. Pieke veg terug en A. Footman slaag met 'n strafskop. Die rustydtelling was 6-2 in Huis Marais se guns.

In die tweede helfte is dit Pieke wat die wind benut. Na 'n hoë skop van A. Bosch gaan druk senter M. Prins vir Pieke, A. Footman slaag met die doelskop. Pieke loop die eerste keer in die wedstryd voor met 8-6. Huis Marais verras Pieke egter deur 'n paar goeie losskrums van die afskop af te wen. S. Wilson gaan oor vir 'n drie. Taute doel die drie en Huis Marais loop voor 12-8. Huis Marais oortree hierna egter twee keer naby hulle pale. Beide kere slaag Footman vir Pieke met die strafskoppe. Die wedstryd eindig gelykop, 12-12.

Vir Huis Marais het R. Köstens op agsteman en A. Taute op heelagter goeie spel gelewer. Vir Pieke het M. Prins op senter goed gespeel, terwyl A. Footman met sy skopvoet beïndruk het. In die geheel gesien was die wedstryd 'n harde voorspelerstryd waarin die twee pakke baie goed teen mekaar opgeweeg het. Albei spanne was egter bereid om te hardloop met die bal as die geleentheid hom voorgedoen het. Albei die losskakels het die wind goed gebruik om hulle onderskeie spanne op die aanval te plaas. Die rotsvaste verdediging van albei spanne het groter tellings verhoed. Soms is goeie balbesit deur onoordeelkundige skoppe verloor. Meer planmatigheid kon ook deur beide agterlyne aan die dag gelê gewees het.

Die gelykop-uitslag kan as 'n getroue weergawe van die spel beskou word.

## HELDER—HELSHOOGTE

DIE twee spanne het verlede Vrydag na 'n harde wedstryd uiteindelik gelykop geëindig.

Helderberg het goed begin. Vanaf die inskop het hulle deurgemaal tot binne die kwartgebied van Helshoogte. Hier het hulle die bal na 'n losgemaal bemeester en met 'n skepskop geslaag.

### SKOPPE

Hierdie vroeë voorsprong het Helderberg sterk op die aanval geplaas. Hulle het die wind gebruik en deur goedgeplaaste skoppe gebiedsvoordeel verkry. Helshoogte se heelagter, André Hanekom, het uitmuntende spel gelewer in hierdie tyd en daarin geslaag om die druk telkemale te verlig.

Kort voor die einde van die eerste helfte het Helshoogte deurgebreek. Na 'n mooi lopie waarin die bal goed gehanteer en heen en weer gestuur is, het Helshoogte hul eerste drie gedruk. Die drie is gedoel om die telling op 6-2 ten gunste van Helshoogte te staan te bring. Dit was ook die rustydtelling.

Die tweede helfte het harde rugby opgelewer. Na 'n verbete aanval wat net nie tot oor die doellyn kon vorder nie, het Helshoogte geslaag met 'n skepskop.

### MIS

Hierna verloop die wedstryd lank sonder opwinding. Toe gee Helderberg 'n lang skop vorentoe. Die bal rol tot net oor die doellyn. Helshoogte tel op en met 'n horde Helderbergers wat nader storm probeer hulle uitskop. Hulle skokp egter mis en die bal val op die grond, steeds binne die doelgebied. Helderberg, wat vinnig opgevolg het, het net nodig gehad om op die bal te val, wat hulle ook gedoen het. Die drie is gedoel en dit bring dus die telling op 8-8 te staan.

Met nog net twintig minute se speeltyd oor, het daar nou 'n verwoede stryd losgebars. Beide spanne het daardie ekstra puntjie gesoek. Ten spyte van goeie spel deur albei kante kon geen verdere punte aangeteken word nie. Die wedstryd eindig dus met die puntestand op 8 elk.

pikkie blommaert
mansuitruster
stellenbosch

## Uitslae

Simonsberg 32 Huis Visser 0
Pieke 12 Huis Marais 12
Heldergberg 8 Helshoogte 8
Wilgenhof 12 Medies 8
Eendrag 2 Oude Molen 0
Libertas 10 Mabré 6
Elsenburg 14 Dagbreek 6

## Vandag

**Pieke vs Dagbreek**
**Wilgenhof vs Huis Visser**
**Simonsberg vs Helshoogte**
**Helderberg vs Oude Molen**
**Eendrag vs Libertas**
**Mabré vs Huis Marais**
**Medies vs Elsenburg**

## Ligapunte

1ste Liga
A AFDELING:
Elsenburg 8
Helderberg 8
Wilgenhof 7
Simonsberg 6
Pieke 6
Eendrag 6
Mabré 2

B AFDELING:
Helshoogte 8
Medies 5
Libertas 5
Huis Marais 5
Dagbreek 2
Oude Molen 2
Huis Visser 0

## LIBERTAS—MABRE

**LIBERTAS was gelukkig om Mabré verlede Vrydag met 10-6 te klop. Die wedstryd is gekenmerk deur goeie voor- en agterspel.**

Libertas se skrumwerk was baie goed en hulle het Mabré soms treë teruggestoot. In die lynstane en losskrums was Mabré egter beter daaraan toe, terwyl hul agterspelers ook meer ondernemende rugby gespeel het.

Van Zyl (losskakel) se lyn en taktiese skoppe was goed en hy het gesorg dat Mabré 'n effense gebiedsvoordeel in die eerste helfte geniet het. Beide spanne het in hierdie helfte kanse verbrou om punte aan te teken, toe eers Barnard (vleuel) van Libertas en toe De Wet (vleuel) van Mabré byna deurgehardloop het.

Die eerste punte van die wedstryd het vroeg in die tweede helfte gekom. Chater (skrumskakel) van Mabré het die bal vanaf 'n losskrum ontvang. Hy het die bal laat loop vir 'n volle agterlynbeweging na De Wet (vleuel). De Wet het teruggespeel na Olivier (senter) wat die mooiste beweging van die wedstryd afgerond het met 'n drie. Van Zyl (losskakel) was in die kol met die vervyfskop (6-0).

Libertas het hierna hard ingeklim en veral Riaan Smit (flank) het goeie spel gelewer. Libertas het punte verdien toe Haushamer (haker) vanaf 'n losgemaal wegbreek om 'n goeie individuele poging af te rond met 'n drie (6-4). Hierna het beide spanne goeie rugby gespeel en veral Mabré se agterspelers het ondernemingsgees aan die dag gelê en mooi bewegings begin. Hul voorspelers moes egter swig voor die goeie skrumtegniek van Libertas. Mabré, wat probeer het om met hulle goeie agterlyn te hardloop, het egter 'n fout begaan toe Kruger (losskakel) 'n aangee onderskep het en Libertas se tweede drie gaan druk het. Kruger het self sy drie vervyf (10-6). Dit was ook die eindtelling.

Vir die wenspan het Riaan Smit en Warren Kruger (losskakel) goed gespeel. Vir Mabré het Greyling (slot) goeie lynstaanwerk gelewer terwyl Chater (skrumskakel) sy gebruiklike goeie spel gelewer het.

## WILGENHOF—MEDIES

**VERLEDE Vrydag het Wilgenhof vir Medies met 12 punte teen 8 verslaan.**

Die swaarder pak voorspelers van Wilgenhof het stewiger in die skrums en losskrums vertoon as die Medies-pak.

Dit was 'n gebalanseerde wedstryd. Die voorspelerspel is goed opgevolg deur agterlynbewegings van beide spanne. In die losspel was die stryd ook gelyk. So het beide spanne byvoorbeeld uit die verdedigende spel aanvalle geloots.

'n Sterk wind het gewaai en die spanne moes hierdie faktor gedurig in aanmerking neem.

### STRAFSKOP

Kort na die aanvang van die wedstryd het Wilgenhof se agterlyn aangeval en is hulle beloon met 'n skepdoel deur die losskakel. In die vyftiende minuut het Wilgenhof die bal in 'n lynstaan bemeester. Die agterlyn het aangeval deur 'n volle agterlynbeweging uit te voer en N. Claassen, die linkervleuel het in die hoek oorgegaan vir 'n drie. Die doelskop het misluk en die telling het op 6-0 te staan gekom.

### WIND

Vyf minute later het Wilgenhof oortree, en is 'n strafskop aan Medies toegeken, vyf meter binne Wilgenhof se halfgebied. Met die wind van agter, kon D. Botha, die losskakel, die bal tussen die pale deurstuur. Hierna is daar ook 'n strafskop aan Wilgenhof toegeken, maar die poging pale toe was onsuksesvol.

Rustyd het aangebreek met die telling Wilgenhof 6 — Medies 2.

### BESERING

Met die aanvang van die tweede helfte het Medies doelgerig aangeval. Die agterlyn het met die bal beweeg, maar is toe gestuit. Die Medies-voorspelers het in die losgemaal wat ontstaan het, ingeklim, en hier het die enigste besering van die wedstryd ontstaan. G. Dix van Medies is beseer en hy het die veld vir 'n kort rukkie verlaat.

### BEAR

Nou het Wilgenhof egter aangeval en tot binne Medies se kwartgebied gevorder. Hier het 'n vaste-skrum ontstaan. Wilgenhof het die bal gehaak, die skrumskakel het om die skrum gebreek en die bal teruggevoer na die voorspelers. Max Baer, Wilgenhof se haker, het toe hulle tweede drie gaan druk. Die doelskop was oor en die telling het 12-2 geword.

Kort hierna moes G. Dix, slot van Medies, die veld verlaat weens 'n besering.

### DRIE

In die vyftiende minuut het Medies weer eens aangeval. Medies is beloon met 'n drie, gedruk deur G. Wite, Medies se vleuel. D. Botha, het geslaag met die doelskop en die telling 12-8 gemaak.

Die laaste gedeelte van die wedstryd is afgewissel met aanvalle van beide kante. Die telling het onveranderd gebly tot die einde van die wedstryd.

# SCHOEMAN GOUD WERD VIR MATIES

DIE onoorwonne Maties manshokkiespan het verlede Saterdagmiddag hulle voorsprong op die punte-lys vergroot deur vir Bergvliet met 2-0 te klop.

Die Maties is nou in 'n byna onaanvegbare posisie en daar is twyfel of hulle ingehaal gaan word. Die Maties het in hierdie stadium nog sewe wedstryde oor, wat meer is as wat nog deur enige ander span gespeel moet word.

In die eerste tien minute het die sterk span van Bergvliet die oorhand gehad. In hierdie stadium het die Maties baie onnodige foute gemaak. Mettertyd het die Maties egter die spel begin beheer, en met mooi bewegings na vore gekom. Die Maties het Bergvliet se foute begin uitbuit en hulle sodoende gedurig onder druk plaas. In die twintigste minuut van die eerste helfte kry Maties 'n korthoek na 'n oortreding deur Bergvliet. Hierdie korthoek word mooi deur Andy Schoeman benut en hy laat sy span met een doel voorloop. Andy Schoeman is in hierdie stadium die Maties se voorste doelslaner. Met die aanbreek van rustyd was Maties 1-0 voor.

In die tweede helfde het die Maties gewys waarom hulle 'n onoorwonne span is. Meesterlik het hulle die bal beheer en so het hulle vir Bergvliet die heeltyd op die agtervoet laat speel. Wat egter gehinder het, was die feit dat die skakels nie altyd mooi in posisie was nie. Ook was die opvolgwerk van die Maties nie altyd na wense nie. Dit het veroorsaak dat hulle baie geleenthede verlore laat gaan het, wat aan hulle 'n groter oorwinning kon besorg het.

In die vyftiende minuut kom Fourie van die Maties met 'n mooi beweging na vore, en weer eens was dit Andy Schoeman wat die doel aanteken. Dit was 'n puik doel want die hoek waarvan hy moes skiet was baie skuins met die doelwagter wat nog die pad versper het. Hierna het die Maties die spel ietwat vertraag om sodoende die heeltyd in besit van die bal te bly, en Bergvliet se kanse skraal te maak om 'n doel aan te teken.

Die wedstryd was 'n welverdiende oorwinning vir die Maties wat hierdie week drie wedstryde gespeel het.

## UITSLAE VAN KOMPETISIE

Hier is die name van die wenners van die Sportman en Sportvrou van die Jaar kompetisie:

1ste prys van R50 gaan aan Wendy Celine van Nerina.

Die R30 tweede prys is gewen deur mnr. T.C. Kotzé van Hammanstraat 12, Stellenbosch.

Die derde prys van R20 is gewen deur mnr. G. Oosthuizen van Wilgenhof.

Dié persone kan hul pryse eerskomende Dinsdag (28 Augustus) tussen 11 vm. en 12-uur by *Die Matie* se kantoor afhaal. Baie geluk.




ARI OBERHOLZER

MATIES se Sportman en Sportvrou van die jaar is twee weke gelede by 'n luisterryke kleure-dinee aangekondig. Hulle is Garth le Roux en Lynn Hugo. Die bekers is aan hulle oorhandig deur die voormalige Staatspresident en oud-Matie, mnr. B.J. Vorster.

Mnr. Vorster is een van nege persone wat die Universiteit se erekleure ontvang het. 'n Verdere 130 kleure-toekennings is gemaak by dié geleentheid.

Mnr. Vorster het in sy toespraak verwys na die noodsaaklikheid van 'n sportsoort wat op die oudag beoefen kan word, en gesê dit is elke Matie se plig om aan die een of ander sportsoort deel te neem. Mens sana . . . Ek hoop lesers van hierdie kolom gaan dit ter harte neem. Dit is per slot van sake gesondheidsjaar.

*Die Matie* wil al die sportmanne en -vroue wat toekennings ontvang het van harte gelukwens, en ook bedank vir die wyse waarop hulle die Universiteit se naam uitgedra het.

### SCHOEMAN

Maties het in Andrew Schoeman 'n hokkiespeler wat dit nog ver gaan bring.

Schoeman het in die afgelope vier wedstryde tien doele aangeteken en het reeds Transvaal, Oostelike Provinsie en die WP verteenwoordig.

Die Breërivier-wedren vir twee-man kanos is vanjaar deur die oud-Maties, André Collins en Roelof van Riet, gewen. Sunley Uys het derde geëindig, en Marais de Villiers het ten spyte van die gebreekte gewrig wat hy in die Bergrivier marathon opgedoen het, vierde klaargemaak.

Gehard Beukes het sewende geëindig en John Lee tiende. Die wedvaart was 'n proef vir die kies van 'n WP-span vir die Suid-Afrikaanse K2 marathon in September.

Die Stoeiklub het vroër vandeesmaand 'n geslaagde toernooi teen Kraaifontein se klub gehad. Die uitblinkers was Nicky Loubser, Gerhard Bredenkamp, Philip Maree, Hennie van Zyl en Pierre Coetzer. Die manne sien nou uit na die WP-kampioenskappe later vanjaar.

# DAMES KLOP OUD-STUDENTE

DIE Maties se vrouehokkiespan het in uiters winderige omstandighede sy aanspraak op die WP-titel behou deur Oud-Studente op Welgevallen met 3-0 te klop.

Die Maties het sterk begin en het deurentyd die toon aangegee. Die tuisspan was gedurig op die aanval, maar die goeie verdediging van Oud-Studente het verhoed dat hulle 'n groter telling behaal. Die Oud-Studente het hard probeer, maar voorlangs 'n gebrek aan slaankrag gehad.

Soos teen die Ikeys was dit weer Lynette Vermaak wat gedurende die eerste helfte van die wedstryd die eerste doel aangeteken het. Die Maties het met baie goeie span- en stokwerk vorendag gekom en het keer op keer daarin geslaag om deur die Oud-Studente se verdediging te breek tot by hulle doelhok, waar hulle telkens gestuit is. Talle hoekies ten gunste van die Maties het nie geslaag nie. Die ongeluk het hulle ook 'n bietjie gery deurdat 'n paar baie goeie pogings na die doelhok, soos een deur Rennie Rose-Innes, mis was. 'n Briljante doel is gedurende die tweede helfte van die wedstryd deur Sharon Quinn geskiet nadat sy die bal op die kwartlyn ontvang het en daarmee deurgespeel het tot in die doelgebied, waarvandaan sy self die doel geskiet het. Die agterspelers het baie goed verdedig. Rennie Rose-Innes het ook 'n goeie wedstryd gehad.

Karen Joubert kon nie speel nie weens 'n knie-besering wat sy opgedoen het. Deidre Hewitt het in haar plek gespeel. In die laaste vier minute van die wedstryd het sy 'n doel geskiet.

Debbie Cromhout se spel is gekenmerk deur baie goeie stokwerk en bal-beheer en sy was 'n bietjie ongelukkig om nie 'n doel te skiet nie.

Dit was 'n goeie oorwinning vir die Maties, maar hulle kan nie nou laat slaplê nie, want volgende week speel hulle teen Constantia wat self baie sterk is. Naas die wedstryd teen die Ikeys is dit hulle belangrikste wedstryd.

# Ihlein skitter in sokker

HERMANN VOLKMANN

IN 'n sokkerwedstryd, waarin sterk wind goeie spel bemoeilik het, het die Maties Park Villa met 3-0 geklop. Dit was ook die rustydtelling. Andy Mynhardt en Bobby Ihlein (2) het die doele aangeteken.

Die Maties het beter by die winderige toestande aangepas en by tye goeie sokker gespeel. Die baie kanse wat die voorspelers gehad het, kon ongelukkig nie altyd in doele omskep word nie. Veral in die tweede helfte is heelwat kanse verbrou.

Beide spanne was geniepsig, en die skeidsregter moes die wedstryd kortkort onderbreek en strafskoppe aan een van die spanne toeken. Sodoende was dit nooit 'n vloeiende wedstryd nie, en aanskoulike spel is beperk.

Die Maties het vroeg voorgeloop nadat Pragt die bal na Ihlein gespeel het. Hy het op sy beurt die bal deur 'n gaping gestuur en Mynhardt het die bal in die doel gedeflekteer.

Die tweede doel het by 'n strafskop wat deur Barnard waargeneem is, begin. Hy het die bal na Ihlein geskiet, en laasgenoemde het drie verdedigers geklop voordat hy die bal verby die doelwagter gestoot het.

Geoff Cohen het die aanvoerwerk vir die derde doel gedoen. Die bal was naby die doellyn van Park Villa uit, en Park Villa-spelers het gedink hulle kry die ingooi. Cohen het gesien dat die skeidsregter 'n ingooi vir die Maties beveel en het die bal vinnig na Ihlein gegooi wat met 'n netjiese skop bo-oor die doelwater die eindtelling 3-0 gemaak het.

### GEVAARLIK

Die Maties se doelwagter, Otto, het weer uitmuntend gespeel en dit is aan hom te danke dat Park Villa nie doele aangeteken het nie. In die verdediging het Briggs en Barnard goeie spel gelewer en veral Barnard het altyd met nuwe aanvalle begin. Du Toit en Pina het in die middelveld uitgeblink en baie kanse vir hulle voorspelers gegee. Bobby Ihlein en Geoff Cohen was altyd gevaarlike voorspelers, maar het te veel kanse verbrou.

Die tweede span wat ook teen Park Villa gespeel het, het 0-1 verloor. Die derde span het teen Rangers gespeel en 2-1 gewen. Rangers se kaptein het sy span se doel behaal, en Cochius het vir die Maties doele aangeteken.

# Majuba Sportdag

**Leon Stanvliet het Majuba se eerste Supersportmankompetisie gewen. Die kompetisie was deurgaans baie straf, want Leon het slegs 2½ punte voor Martin Surendorff geëindig, met Pieter Niewoudt derde.**

Hierdie kompetisie was 'n nuwe faset van die jaarlikse sportdag (vanjaar gehou op 11 Augustus). Die toekenning van medaljes aan die wenners van die onderskeie afdelings is moontlik gemaak deur mnr. Felix Visagie van Sanlam. Hy het ook 'n wisselbeker geskenk.

Dertien van Majuba se beste sportmanne is deur die koshuis aangewys om deel te neem. Hulle het in nege afdelings meegeding. Die wenners van die afdelings was: Leon Stanvliet (vergooi), Martin Surendorff (kragoefeninge, sokker en basketbal), Pieter Niewoudt (2000m), Bertie de Wet (60m), Dirk van Zyl (boogskiet en snoeker) en Marius Womarans (tafeltennis).

Die tradisionele Hemel-Hel rugbywedstryd het later die middag plaasgevind. Die voorwedstryd (vir die sosiale spelers) sowel as die hoofwedstryd is deur die Hemel gewen. (lg. met 10 punte teenoor 3). Die dag is gesellig afgesluit met die jaarlikse opstandingsfunksie.



'N ALLIED-SPAARREKENING IS NIE NET VIR SPAAR NIE!



**'n Gewone Allied-Spaarrekening is eintlik 'n "Geriefrekening" want u geniet hierdie 10 gerieflike voordele:**

1. **Gerieflike onttrekkings** — by enige tak of agentskap, na geskikte identifikasie.
2. **Gerieflike trekfasiliteite op vakansie** — daar is 'n Allied-tak naby u, waar u ook al in die land rondreis.
3. **Gerieflike oorplasings** — maandelikse betalings van subskripsie-aandele of huisverbande kan gereël word.
4. **Gerieflike, gesamentlike rekenings** — egpare kan 'n rekening gesamentlik of afsonderlik gebruik.
5. **Gerieflike diens aan dames** — al is u in gemeenskap van goedere getroud, kan u 'n rekening sonder u man se magtiging open.
6. **Gerieflike rekening vir minderjariges** — almal ouer as 16 kan 'n rekening open en gebruik sonder magtiging van hul ouers of 'n voog.
7. **Gerieflike inbetaling van salaris** — vra u werkgewer om u salaris regstreeks in u spaarrekening in te betaal.
8. **Gerieflike kostebesparing** — geen grootboekgelde of ander koste nie.
9. **Gerieflike spaarboekie** — u weet altyd presies hoeveel u in u rekening het.
10. **Gerieflike manier om te begin spaar.** U kan met slegs R1 begin. Die maksimum perk vir 'n spaarrekening is **R25 000.**

Besoek binnekort enige Allied-tak en benut al die geriewe van 'n spaarrekening by ons.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.

Bates oorskry R1 600 000 000